

DIE BRONNE WAARUIT DIE NUWE TESTAMENT
VAN DIE AFRIKAANSE BYBEL VERTAAL IS

'n Filologiese studie

Verhandeling voorgelê deur

G.J.C. Jordaan

ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad
M.A. (Grieks) aan die Potchefstroomse Universiteit vir
Christelike Hoër Onderwys, onder leiding van
prof. J.H. Grobler

SUMMARY

The current Afrikaans translation of the New Testament is based on the Textus Receptus and the Dutch "Statenbijbel." At present a committee of translators is busy with a new translation of the Bible in Afrikaans. They decided to put aside the Textus Receptus and the Dutch translation in favour of the U.B.S. edition of Kurt Aland as textual basis for the Afrikaans New Testament. This decision incited much criticism from the public.

A study of the correspondence and publications during the time when the current Afrikaans translation was made (1923-1933), indicates that the translators were well aware of the fact that the Textus Receptus was not the best available Greek text of the New Testament. But they were led by two notions in following the Textus Receptus:

- (1) As the Dutch Bible had been in use in the Afrikaans churches up to that time, they believed that the public, and therefore the Afrikaans churches, would not accept a translation which showed too much differences from the Dutch translation;
- (2) Assuming that the Textus Receptus had been the textual basis of the Dutch translation, they decided to keep to the Textus Receptus in translating into Afrikaans.

Both notions, however, prove to have been wrong:

- (1) Considering the letters written by the public in protest against a mere Afrikaans "Statenbijbel", relations with the Dutch translation could have been broken without much difficulty;

(2) According to the respective dates on which the Dutch "Statenbijbel" and the Textus Receptus were published, the Textus Receptus could not have been the textual basis of the Dutch translation. There is much reason to assume that the Dutch translation was based on the text of Beza.

Though the Textus Receptus is not a "bad" or "misleading" text, it exhibits a very close relationship to the text of Erasmus, a text which was prepared in such haste and was based on such scanty textual evidence, that it cannot be authoritative amongst the modern critical texts. The major textual evidence to the text of Erasmus, was MS 2, MS 2^{ap} and MS 1^r. The evidence that the New Testament textual criticism has accumulated during the past decades, indicates that all of these manuscripts belong to the Byzantine type of text, which is of much less value than the Alexandrine and Caesarean types. Most readings of the Textus Receptus are Byzantine; Sometimes the readings have little support of any kind and at some places no support at all of the Greek manuscripts.

Considering these conditions, it is evident that a translation based on such a poor text cannot be standardized. Therefore it is necessary that the new translation into Afrikaans must have a modern critical text as basis.

INHOUDSOPGAWE

Inleiding

HOOFSTUK I : DIE KEUSE VAN DIE BRONNE WAAR= UIT DIE NUWE TESTAMENT IN AFRIKAANS VERTAAL IS (1875-1933)

- 1 Die bronne van die vertaling deur S.J. du Toit (1885-1911)
- 2 Die Afrikaanse Bybelvertaling uit die Nederlandse Statevertaling (1916-1922)
- 3 Die bronne waaruit die huidige Afrikaanse Bybel in Afrikaans vertaal is (1923-1933)
 - 3.1 Die keuse van die Textus Receptus
 - 3.1.1 Kritiek op die keuse van die Textus Receptus
 - 3.1.1.1 Kritiek van buitestaanders
 - 3.1.1.2 Kritiek uit die vertalerskring self
 - 3.1.2 Motivering deur die vertalers
 - 3.2 Gebruikmaking van vertalings
 - 3.2.1 Raadpleging van die Nederlandse Statevertaling
 - 3.2.2 Raadpleging van ander vertalings

HOOFSTUK II : DIE HISTORIESE AGTERGROND VAN DIE BRONNE VAN DIE NUWE TESTAMENT IN DIE AFRIKAANSE BYBEL

- 1 Die geskiedenis van die Textus Receptus
 - 1.1 Die Complutensiese Polyglot
 - 1.1.1 Ontstaansgeskiedenis
 - 1.1.2 Teksetuilenisse

- 1.2 Die teks van Erasmus
 - 1.2.1 Ontstaansgeskiedenis
 - 1.2.2 Teksgetuïenisse
 - 1.2.2.1 Teksgetuïenisse vir die Evangelies
 - 1.2.2.2 Teksgetuïenisse vir Handeling en die briewe
 - 1.2.2.3 Teksgetuïenisse vir Openbaring
- 1.3 Die uitgawe van Stephanus
- 1.4 Die uitgawe van Beza
- 1.5 Die uitgawe van die Textus Receptus
- 2 Die ontstaansgeskiedenis van die Nederlandse Statebybel
 - 2.1 Die vertaling van Jan Utenhove
 - 2.2 Die grondteks van die Statevertaling

HOOFSTUK III : DIE KARAKTER EN WAARDE VAN DIE BRONNE VAN DIE NUWE TESTAMENT IN AFRIKAANS (1933-VERTALING)

- 1 Die MSS wat ten grondslag lê aan die bronne waaruit die Afrikaanse Bybel vertaal is
 - 1.1 Primêre getuïenis
 - 1.2 Sekondêre getuïenis
- 2 Die algemene karakter en waarde van die bronne waaruit die Nuwe Testament in Afrikaans vertaal is
- 3 Waardebepaling van enkele teksgedeeltes uit die verskillende uitgawes van die Nuwe Testament in Grieks

HOOFSTUK IV : DIE BRONNE VAN DIE NUWE AFRIKAANSE VERTALING VAN DIE NUWE TESTAMENT (1968+)

- 1 Die eerste hersiening van die Afrikaanse Bybel (1934-1953)
- 2 Die probleme met die tweede hersiening van die Afrikaanse Bybel (1958-1968)
- 3 Die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling

HOOFSTUK V : SAMEVATTENDE KONKLUSIES

Bibliografie

VOORWOORD

Langs hierdie weg wens die skrywer dank te betuig aan enkele persone en instansies:

- (1) Die Raad vir Geesteswetenskaplike navorsing vir die geldelike toekenning wat gemaak is ter delging van die onkoste verbonde aan die navorsingsreise wat hierdie studie vereis het;
- (2) Die personeel van die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum te Bloemfontein, in besonder prof. P.J. Nienaber, vir hulle vriendelike hulp en die besondere moeite wat gedoen is om mee te help aan die opsporing van primêre bronne;
- (3) Die personeel van die Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens, wat die Nienaber-versameling goedgunstiglik beskikbaar gestel het vir bestudering;
- (4) Proff. J.H. Grobler en J.C. Coetzee vir hulle kosbare leiding en bystand met die samestelling en voltooiing van hierdie verhandeling.

G.J.C. Jordaan

Potchefstroom
Januarie 1975

INLEIDING .

Op die nasionale sinode van Nederlandse kerke in 1618 en 1619 te Dordrecht, Nederland, het Johannes Bogerman, een van die latere vertalers van die Nederlandse Statebybel, gesê dat "een slecht vertaald Woord Gods niet het Woord van God, maar van mensen is." Omdat Bybelvertaling feilbare mensewerk is, is dit nie ontdaan van foute nie en moet Bybelvertalings gedurig hersien word of moet daar selfs van tyd tot tyd nuwe vertalings van die Bybel gemaak word. In Suid-Afrika is daar binne die verloop van n eeu drie belangrike pogings tot die vertaling van die Bybel in Afrikaans van stapel gestuur.¹

Die eerste Afrikaanse vertaling van die Bybel is tussen 1885 en 1911 gedoen deur S.J. du Toit, maar sy vertalings het nie ingang gevind by die volk nie. S.J. du Toit se vertalings het misluk omdat die volk nog nie n sterk behoefte gevoel het aan n Afrikaanse Bybel nie. Omdat die Afrikaanse taal nog nie n deeglik gevormde basis gehad het nie, was die taalgebruik te "plat" vir die Bybel en het by die volk aanstoot gegee.

- 1) Kyk Nienaber, P.J., Die Geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling, Nasionale Pers Bpk., Kaapstad, 1934, vir n uitvoerige weergawe van Bybelvertaling in Afrikaans.

n Tweede poging tot Bybelvertaling in Afrikaans (1916 tot 1922) het uitgegaan van n vertalingskommissie wat saamgestel is deur die drie Hollandse kerke in Suid-Afrika. Die kommissie het bestaan uit J.D. du Toit, B.B. Keet, T.B. Muller, F. Postma, G.B.A. Gerdener en N.J. van der Merwe. Hulle doel was om die Nederlandse Statebybel in Afrikaans oor te bring, maar hulle proefuitgawe Die vier Evangelies en die Psalme (1922) het misluk omdat dit "nóg vis nóg vlees" was.

Gedurende die tydperk 1923 tot 1933 is die vertaling van die Bybel in Afrikaans gedoen onder leiding van J.D. du Toit, H.C.M. Fourie, E.E. van Rooyen, J.D. Kestell en B.B. Keet. Dit was die eerste suksesvolle Afrikaanse vertaling van die Bybel en dit is vandag nog die erkende vertaling van die drie Afrikaanse kerke.

In 1953 het n hersiene uitgawe van die 1933-vertaling verskyn en in 1958 is daar met n tweede hersiening begin. As gevolg van verskeie probleme wat die kommissie aan wie die hersiening opgedra is, ondervind het, is daar in Julie 1968 tydens n vertalingseminaar te Pretoria besluit dat die Bybel weer opnuut in Afrikaans vertaal moet word.¹⁾

Hierdie besluit op n "ander" vertaling het die afgelope tyd baie kritiek verduur en dit is opmerklik dat die besware wat geopper word van presies

1) Kyk Van Zyl, A.H. & Swanepoel, F.A., Waarom n nuwe Bybelvertaling?, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria, 1972, p. 47-8.

dieselfde aard is as dié tydens die eerste drie tydperke van Afrikaanse Bybelvertaling: kritiek teen die keuse van die bronne¹⁾ waaruit vertaal word en kritiek teen die "plat" taal. Uit verskeie oorde is besware geopper in die trant van die protes wat n ontevrede lidmaat in Die Burger van 11 Maart 1971 aanteken²⁾: "Ek dink die Afrikaanse Bybel wat ons vandag het, is goed genoeg. Ons kan tevrede wees.

- 1) Van Zyl & Swanepoel, op. cit., p. 55 en Nienaber, P.J., op. cit., p. 118, verwys telkens na die "grondteks van die Afrikaanse Bybel" en daarmee bedoel hulle die betrokke teks wat gevolg is as basis vir die vertaling. Aangesien die 1933-vertaling bo en behalwe die Griekse grondteks deurgaans ook op ander tekste, veral die Nederlandse Statevertaling, gesteun het, was dit vir die doel van hierdie studie noodsaaklik om naas die term grondteks n term in gebruik te neem waarby sowel die grondteks as die ander geraadpleegde tekste inbegrepe is. In navolging van S.J. du Toit, wat in sy G.R.A.-verslag insake Bybelvertaling (kyk Hoofstuk I, 1, p.8) verwys na die Bron en Oorsprong, het dit goed gelyk om die term bronne te gebruik om die begrip grondteks en ander geraadpleegde tekste te omvat. Verder word onderskeid getref tussen die grondteks as primêre basis en die ander tekste waarop die vertaling steun as sekondêre basis.
- 2) Die Burger, 56, 4 kol. 3, 11 Maart 1971.

Alle modernisering is nie altyd verbetering nie." Nie net individue het hulle stem laat opgaan nie, maar ook die Klassis Pretoria-Oos van die Gereformeerde Kerk spreek hom uit teen 'n nuwe vertaling in 'n brief aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika¹⁾: "Die Klassis was nog altyd onder die indruk dat die Bybelgenootskap van Suid-Afrika DIE BYBEL, met die nodige taalkundige hersiening, versprei, en nie 'verwerkinge' van die Bybel versprei nie."

A.H. van Zyl, sekretaris van die Bybelvertalingskommissie, som die kritiek teen die nuwe vertaling soos volg op²⁾:

"Mense vra dikwels waarom die Bybel weer in Afrikaans vertaal moet word. Dit is tog immers in 'n goeie Afrikaanse vertaling beskikbaar en haas elke bogkind kan dit verstaan. Dit is so. Ons het 'n goeie Afrikaanse vertaling van die Bybel. Dit het ingeslaan by die Afrikaanse kerklidmate en hulle aangespreek. Die Ou Testament is deur gelowige en vaardige vakmanne uit die Hebreeuse grondteks vertaal, en ewe toegewyde en knap kenners het die Nuwe Testament uit die Grieks vertaal."

Op die besware teen 'n nuwe vertaling word die

- 1) Volgens aanhaling deur H.L.M. du Plessis, "Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling en Bybelverspreiding", Die Kerkblad, 2 Oktober 1968, p. 6-7.
- 2) Van Zyl, A.H., "Die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling", Huisgenoot, 35, 28 Augustus 1970, p. 48-55.

antwoord gegee dat die ontwikkeling van die Afrikaanse taal sedert 1933 en die resultate van die vertaalwetenskap en die tekstkritiese wetenskap¹⁾ n nuwe Afrikaanse vertaling noodsaaklik gemaak het en dat n blote hersiening nie kan beantwoord aan die eise wat gestel word nie. Dit is vanselfsprekend noodsaaklik dat hierdie argumente ten gunste van n nuwe vertaling nie op losse voet staan nie, maar dat dit gestaaft word. Oor die taalkwessie is die laaste woord beslis nog nie gespreek nie; dit blyk duidelik uit die kommentaar wat nog gereeld uit verskeie oorde kom oor die taal van die proefvertaling. Van Zyl & Swanepoel lewer in hulle boek Waarom n nuwe Bybelvertaling? n kort motivering vir die argument dat die vertaalwetenskap soveel vordering gemaak het dat n nuwe vertaling nodig is.²⁾

Die doel van hierdie studie is dan om in te gaan op die vrae wat ontstaan rondom die argument dat die resultate van die tekstkritiek n nuwe vertaling nodig maak en om die redes uit te lig waarom die vertalers nou besluit het om die bronne waaruit die Nuwe Testament in die huidige Afrikaanse Bybel vertaal is, te verwerp.

1) Kyk Pistorius, P.V., "Hoe goed is ons Afrikaanse Bybelvertaling?", Brandwag, 17, 11 Desember 1953, p. 13-15, en Weiss, P.F.D., "Die wenslikheid van die hersiening van die Afrikaanse Bybelvertaling", Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, 18, Oktober 1958, p. 153-9.

2) Op. cit., p. 36-44.

Die vrae kan in kort soos volg opgesom word:

1. Watter bronne is gebruik vir die huidige vertaling van die Nuwe Testament in Afrikaans?
2. Wat was die motivering van die 1933-vertalers vir hulle keuse van die bronne waaruit hulle die Nuwe Testament vertaal het?
3. Wat is verkeerd met die bronne van die huidige Afrikaanse vertaling van die Nuwe Testament?
4. Watter bronne word vir die nuwe vertaling as basis aanvaar?

Die waardering van die bronne van die huidige vertaling (dit is die 1933-vertaling) word dus voorop gestel in hierdie studie en daar word nie gepoog om die bronne van die nuwe vertaling wetenskaplik te beoordeel nie. Die grondteks¹⁾ van die nuwe vertaling word wetenskaplik verantwoord deur B.M. Metzger in sy A textual commentary on the Greek New

1) Aland, Kurt, The Greek New Testament, Stuttgart, United Bible Societies, 1968.

HOOFSTUK I

DIE KEUSE VAN DIE BRONNE WAARUIT DIE NUWE TESTAMENT IN AFRIKAANS VERTAAL IS (1885 - 1933)

1 DIE BRONNE VAN DIE VERTALING DEUR S.J. DU TOIT (1885-1911)

Die eerste poging tot Afrikaanse Bybelvertaling was die oorsetting van Mattheüs 28 en die Evangelie van Markus uit die Nederlandse Statebybel deur C.P. Hoogenhout. Hoogenhout het blykbaar geen oorweging geskenk daaraan om 'n Griekse teks te volg nie omdat hy nie deeglik geskool was in die grondtale nie. Sy vertaalwerk kon geen invloed op die latere vertalers gehad het nie, aangesien dit nooit gepubliseer is nie. Gevolglik is die vertaling van Hoogenhout van blote historiese belang en van weinige belang vir die doel van hierdie studie.

Die metode wat S.J. du Toit met sy vertaling gevolg het, het wel 'n invloed gehad op die 1933-vertalers en hy het chronologies sowel as intellektueel nader aan hulle gestaan as Hoogenhout. In 1885 het die G.R.A. aan hom die opdrag gegee om die Bybel in Afrikaans te vertaal uit die ou tale, met raadpleging van moderne vertalings, hoofsaaklik die Engelse vertaling en die Statevertaling¹⁾. S.J. du Toit

1) Nienaber, P.J., op. cit., p. 29.

het die vertaling met erns aangepak en sy besondere talente en akademiese vermoëns was n groot aanwinst vir die Bybelvertaling in Afrikaans. In die keuse van die bronne vir sy vertaling het hy insig getoon waaraan sy opvolgers mank gegaan het. Byna n eeu gelede het hy feitlik dieselfde argumente ten opsigte van die bronne van n betroubare en aanvaarbare vertaling uitgespreek as wat vandag aangevoer word ten gunste van n nuwe vertaling.

In Di Patriot van Oktober¹⁾ 1879 word berig gelewer van n verslag insake Bybelvertaling wat S.J. du Toit voor die G.R.A. gelê het. Dit lui²⁾:

"Hoe dit moet vertaal worde

"In di Verslag staat: 'In antwoord op di vraag of dit sal vertaal worde na ons Statevertaling of uit di oue tale --- is di vergadering van gevoele om na di 'Bron en Oorsprong terug te gaan'. Di besluit seg meer as mens by di eerste lesing sal denk. Dit seg:

"a) Di Afrikaanse vertaling moet nie uit Hollans mar uit Grieks en Hebreeus gemaak worde. Nou dis seker n goeie besluit; want di Apostels het nie in Hollans mar in Grieks geskrywe. En as jy wil weet wat n man eintlik meen, dan moet jy hom in sy eie taal hoor. Maak jy n vertaling van n vertaling, dan gaat jy al verder van di oorsprong, en eers is

- 1) Die presiese datum is nie beskikbaar nie.
- 2) n Volledige afskrif van hierdie berig word bewaar in die Nienaber-versameling N2(a), Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens, Kaapstad. Die oorspronklike is ongelukkig verlore.

dit melk en water, mar naderhand is dit water en melk. En dat ons Hollanse vertaling oek mar feilbare mensewerk is, sal elkeen moet erken, of ons moet weer Roomse worde, wat onfeilbaarheid aan n bepaalde vertaling toeken. Hoe dikwels hoor ons nie van di preekstoel dat ons predikante seg: di vertaling moes hier so gewees het! Hoe dikwels lees ons in boeke verbeterings van di vertaling! Op hoeveel plekke is in di Bybelverklarings fouté in di vertaling onteenseggelik aangetoon!

"b) Mar n tweede punt wat hier in aanmerking kom as ons tot di bron en oorsprong moet teruggaan is: Wat is di regte Griekse en Hebreeuse teks? 1)

Mar van di handskrifte wat hulle gehad het is geen een ouwer as uit di tiende eeuw. Nou in 900 jare tyd kon di teks deur al di oerskrywe al erg verander en bedorwe wees. In di tyd is daar honderde handskrifte ontdek, en regte ouwe oek, party uit di 4de eeuw of allig uit di einde van di derde eeuw. Dan is daar manne opgestaan wat hulle lewe daaran gewy het, en nog wy, om di ouwe handskrifte op te spoor, met makaar te vergelyk, en so uit te vinde wat di suiwere teks is soos di Apostels dit geskrywe het. Erasmus het an syn uitgaaf van di Grieks en Latynse teks mar 6 maande gewerk. Met di nauwkeu-

1) In die weggelate gedeelte lewer S.J. du Toit n kort manuskripgeskiedenis en ook n geskiedenis van die gedrukte Griekse teks, veral dié van Erasmus en Robert Stephanus.

rige ondersoek is daer meer as 500 plekke in di N.T. gekry waar verskil is tussen di handskrifte. Nou is dit wel waar, di meeste verskille is maer kleinighe=de, verskille van enkele letters en woorde; gen enkel leerstuk van ons geloof wort daardeur beskadig nie. Mar tog wil ons so naas mo'entlik di N.T. hê soos di apostels self dit geskrywe het, nie waar nie? Bo=wendien doet dit hier en daar veel tot verduidelik=ing as jy di ware lesing het. En waarom moet ons oek di lig weggoi wat ons di laatste 300 jare gekry het, onder leiding van di Heilige Geest, want dis gelovige manne wat di handskrifte ondersoek, soos Tischendorf, Alford, Scrivener, ens. Ne, oek hier=in moet ons toon dat ons di mensdom nie 3 eeue wil agteruit breng nie, mar hulle wil neem waar hulle is, en met di lig wat ons het hulle wil ophelp."

Uit die aangehaalde verslag is dit duidelik dat S.J. du Toit beseft het dat n goeie vertaling uit die oorspronklike tale gedoen moes word en, hoewel die Nuwe Testamentiese tekskritiek destyds nog maar n jong wetenskap was, het hy ingesien dat die teks wat as basis vir die vertaling gekies word, wetenskap=lik so na as moontlik aan die oorspronklike vorm van die Grieks herstel moes wees. Ongelukkig is dit nie bekend watter Griekse teks S.J. du Toit gebruik het as grondteks vir sy vertaling nie. Uit sy aange=haalde verslag¹⁾ blyk dit egter dat hy die uitga=wes van Tischendorf, Alford en Scrivener hoog aan=geskryf het en die Textus Receptus van relatief min waarde geag het.

1) Kyk p. 8 - 10.

Ten spyte van sy lofwaardige standpunt, is S.J. du Toit se vertalings nooit deur die volk aanvaar nie, en dit nie as gevolg van sy vertalingsmetodes en -standpunte nie, maar omdat hy in 'n ongeslypte taal vertaal het, wat dikwels aanstoot gegee het.

2 DIE AFRIKAANSE BYBELVERTALING UIT DIE NEDERLANDSE STATEVERTALING (1916-1922)

Omdat die vertaling van S.J. du Toit misluk het, het die tweede generasie van vertalers afgesien van sy vertalingsmetode en sy standpunte. Punt 6 van die Verslag van de Kommissie voor't overzetten van de Bijbel in't Afrikaans (1919) lui:¹⁾ "Er werd besloten om de grondtekst van de State-vertaling getrouw te volgen en waar latere kritiese ondersoekingen 'n andere vertaling vereisen zulks door middel van kanttekeningen aan te tonen, doch in de tekst de State-vertaling te volgen."

Hierdie kantaantekeninge van "latere kritiese ondersoekingen" blyk niks anders te gewees het as

- 1) 'n Afskrif van die verslag word bewaar in die versamelstukke van die Afrikaanse Bybelvertaling, Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum, Bloemfontein.

n vergelyking met die Textus Receptus¹⁾ nie. N.J. van der Merwe, een van die latere eindvertalers, verklaar²⁾: "Ons wou ons aan die teks van die Statevertaling hou en aan interpretasie van die Textus Receptus, en waar by gevolge van ondersoekinge blyk dat die Statevertaling verkeerd is (volgens T.R.) sou ons die suiwere lesing in kantaantekeninge plaas."

Dit is vreemd dat dit juis S.J. du Toit se seun, J.D. du Toit, was wat n blote oorsetting van die Statebybel voorgestaan het. N.J. van der Merwe sê³⁾: "Op voorstel van Totius hou ons ons aan die Statevertaling." J.D. du Toit verklaar self in n brief in Het Kerkblad van 1 September 1916: "Ons wil nie n vertaling uit die grondtale hê nie, maar net n oorsetting van die Hollandse Bybel in Afrikaans." Sy argumente is dat daar n tekort aan die nodige fondse en aan vakkundige kennis in Suid-Afrika is. Hy spreek selfs die moontlikheid van n Afrikaanse Statebybel uit.

Op hierdie verklaring het baie kritiek gevolg, heel waarskynlik van die ander geleerdes van daardie tyd, waarop J.D. du Toit in Het Kerkblad van 1 Oktober 1916 antwoord⁴⁾:

- 1) Die opvatting was dat die T.R. die grondteks van die Statevertaling was. Kyk in verband hiermee Hoofstuk II, 2.2, p.60-62.
- 2) Uit n gesprek van P.J. Nienaber met N.J. van der Merwe, 27 April 1933, Nienaber-versameling N8, Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens, Kaapstad.
- 3) Ibid.
- 4) J.D. du Toit, Het Kerkblad, 1 Oktober 1916, p.7.

"Daar word gesê dat ons die Statebybel nie tot grondslag kan neem nie, omdat deur die latere ontdekking van oue handskrifte die grondteks van die Nuwe Testament grote verandering ondergaan het, en ten gevolge daarvan n ander, byna algemeen aangenome grondteks deur geleerdes vasgestel is.

"Ons antwoord dat dit waar is, maar dat n mens met die bewering saggies oor die klippe moet.

"Ten eerste is deur daardie nuwe teks heelwat woordverskil gekom, maar die saakverskil is nie so baie groot nie. Bekende teksbewerkers het dan ook opgemerk dat die verskil in saakstof sig tot 60 of 70 plekke beperk. Maar nog iets anders. Staat die resultaat van die tekskritiese wetenskap hier so vas? Nie so lang gelede nie het ons nog gelees dat die groote teoloog Harnack n boekie geskryf het, waarin hy beweer dat ook die nuwe grondteks nie deug nie, maar dat die oue vertalings van die Bybel (veral die Latynse) moet geraadpleeg word om die suiwerste teks te kry. Ons sien dus ten minste dat die groote manne oor hierdie kwessie nog nie uitgepraat is nie . . . Ons moet hul dus bietjie tyd gee om tot vastigheid te kom."

J.D. du Toit se beweringe aangaande die klein saakverskil was wel waar¹⁾, maar dit maak dit nie minder belangrik om n grondteks te volg wat die naaste aan die oorspronklike staan nie. Sy argument ten opsigte van die onsekerheid van die resultaat van die tekskritiese wetenskap kon nie veel

1) Kyk Hoofstuk III, 2, p.70-73.

gewig dra nie, aangesien die tekskritiese wetenskap, afgesien van die feit dat daar altyd ruimte vir verbetering sal wees, tog sekere vaste resultate bereik het wat as vertrekpunte dien. In elk geval het die tekskritiese wetenskap op daardie stadium alreeds 'n redelike twyfel vasgestel dat die Textus Receptus 'n onbetroubare teksweergawe is.

Dit bly vreemd dat J.D. du Toit weggeskram het van die onsekere (n kritiese teks) en toe nie eers die onjuiste (die Textus Receptus) nie, maar die onwenslike (dit wil sê 'n vertaling van 'n vertaling) voorgestaan het. Waarskynlik was hy huiwerig om af te stap van die Statebybel omdat die mislukking van die vertaling van sy vader nog te vars in die geheue was. Die oortuiging dat die volk 'n Bybel wat afwyk van die Statebybel nie sal aanvaar nie, het dwarsdeur die vertaling van die Bybel in Afrikaans die beleid van die vertalers bepaal.¹⁾

Juis as gevolg van die feit dat die Statebybel as grondteks gedien het, het ook hierdie vertaling misluk. Die proefuitgawe van die Vier Evangelies en die Psalme wat in 1922 verskyn het, het baie kritiek verduur. Dit is beskou as "nog vis nóg vlees" en die taal as 'n "stompstert-Hollands". Die kritiek wat A.P.J. Snyman van Bethulie in 'n protesbrief uitgespreek het, was verteenwoordigend van die houding van die volk jeens die proefuitgawe²⁾: "Ons Afrikaanse volk verlang 'n Bybel in

1) Kyk Hoofstuk I, 3.2.1, p.32-34.

2) Het Kerkblad, 15 Augustus 1923.

ons taal, maar g'n Bybel wat n vermenging is van Hol-lands en Afrikaans nie. Vir so n Bybel in so n ver- mengde taal is in my huis geen plek nie; dan behelp ek my liewers met my Hollandse Bybel."

Gevolgluk lui die verslag van die Kommissie vir die Bybelvertaling in Afrikaans voor die Sinode van die Nederduits Gereformeerde Kerk, O.V.S. in 1925¹⁾: "Die kritiek op hierdie uitgawe was deur- gaans ongunstig. Dit het die oortuiging by die ver- talers versterk, dat dit onwenslik is om die taal van die State Vertaling te noukeurig te volg, waar- deur n basterd taal, wat nog Afrikaans nog Neder- lands is, verkry word."

3 DIE BRONNE WAARUIT DIE HUIDIGE AFRIKAANSE BYBEL VERTAAL IS (1923-1933)

Die vertalers van die derde tydperk van Afri- kaanse Bybelvertaling moes n oplossing vind vir die probleem wat bestaan het rondom die keuse van die bronne waaruit vertaal moes word. Uit die ge- gewens hierbo is dit duidelik dat die geleerdes van daardie tyd in twee kampe verdeeld was ten op=

- 1) n Afskrif van die verslag word bewaar in die Nienaber-versameling N2 (a) , Kaapse Provin- siale Biblioteek, Kaapstad. Die oorspronklike het ongelukkig tydens n verhuising van die Si- nodale argief van die Nederduits Gereformeerde Kerk, Bloemfontein, O.V.S., verlore geraak.

sigte van die keuse van die bronne en dat daar vir beide standpunte 'n geleentheid was om in die praktyk toegepas te word. S.J. du Toit het afgesien van 'n blote vertaling van 'n ander vertaling en 'n kritiese Griekse teks as grondteks gebruik, terwyl die vertalers van 1916 to 1922 weer na die ander uiterste gegaan het en 'n blote oorsetting uit die Statebybel gemaak het. Albei vertalings het misluk.

Die enigste uitweg wat die vertalers van die derde tydperk gehad het, was om die twee botsende standpunte in versoening met mekaar te bring. Dit sou beteken dat die Griekse sowel as die Statevertaling gevolg sou moes word.

3.1 DIE KEUSE VAN DIE TEXTUS RECEPTUS

Die kompromie van die twee standpunte oor die bronne blyk duidelik uit die verslag van die Kommissie vir die Bybelvertaling in Afrikaans¹⁾: "U kommissie het derhalwe in oorleg met die vertalers (besluit) dat die vertaling uit die grondteks moet geskied, terwyl soveel as moontlik met die Statevertaling rekening gehou word." Die werksmetode wat deur die vertalers van die 1922-proefuitgawe

- 1) Punt 8 van die rapport van die Kommissie vir die Bybelvertaling in Afrikaans, voorgelê aan die sinode van die N.G. Kerk, O.V.S. in 1925 beskikbaar in die Nienaber-versameling N2 (a) Kaapse Provinsiale Biblioteek, Kaapstad.

toegepas is, word dus net omgekeer. In plaas van n vertaling van die Statebybel met interpretasie van die Griekse teks, word die Griekse teks vertaal met inagneming van die Statevertaling.

n Saak van die uiterste belang wat uitgemaak moes word, was watter uitgawe van die Griekse teks as grondteks geneem wou word. J.D. du Toit verklaar dat "veral die praktiese aspek hier gewig in die skaal gelê (het)." ¹⁾ In die poging om so na as moontlik aan die Statebybel te hou, is besluit om die Textus Receptus as grondteks te gebruik. ²⁾ Blykbaar het J.D. du Toit moeilik afstand gedoen van sy mening dat by die Statevertaling as grondslag gehou moes word, want dit was "grotendeels op sy aandrang dat die Textus Receptus aangeneem is as basis en daarby gehou is. Die ander vertalers wou ook konjekturêre opneem en moderne lesinge. Mis-kien (is dit) meer korrek om te sê dat n Statetextus aangeneem is." ³⁾ J.D. du Toit het die stryd gewen, sodat die gesamentlike kommissie van

- 1) J.D. du Toit, "n Nuwe vertaling van die Nuwe Testament", Die Kerkblad, 904, Potchefstroom, 19 Julie 1940, p.7.
- 2) Die opvatting was dat dit die Textus Receptus was, kyk Hoofstuk 11 2.2, p.60-62.
- 3) Uit n gesprek van P.J. Nienaber met L.J. du Plessis, Nienaber-vers N13, Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens, Kaapstad.

die drie Hollandse Kerke besluit het ¹⁾: "Die vertaling geskied uit die oorspronklike tale. Die sg. "Textus Receptus" word egter ²⁾ gevolg, d.w.s. die teks van onse Statevertalers."

3.1.1 Kritiek op die keuse van die Textus Receptus.

Die besluit om tot n kompromie tussen die twee botsende standpunte t.o.v. die bronne vir die Afrikaanse vertaling van die Nuwe Testament te kom en op dié manier n werkmethode vir die Bybelvertaling op te stel, het die dispuut oor die kwessie van die grondteks gladnie tot n einde gebring nie. Die keuse van die Textus Receptus het opnuut kritiek uitgelok. Die vertalers kon besware te wagte gewees het, want meer as n halfeeu tevore het S.J. du Toit alreeds die oortuiging uitgespreek dat die Textus Receptus n onbetroubare weergawe van die Griekse teks is en dat die resultate van die tekskritiek nie te verontagsaam is nie³⁾. Die tekskritiek het sedert die tyd van S.J. du Toit tot n baie meer gevestigde wetenskap ontwikkel en derhalwe is die keuse van die Textus Receptus as grondteks vir n moderne vertaling as onwenslik beskou.

- 1) Bladsy 2 van die notule van die gesamentlike kommissievergadering van die drie Hollandse kerke te Bloemfontein, gehou op 7 Augustus 1924, Nienaber-versameling N2(a), Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens, Kaapstad.
- 2) Die woorde "sg." en "egter" laat die indruk dat die teenstand teen die Textus Receptus heftig was.
- 3) Kyk Hoofstuk I, 1, p.8-10.

3.1.1.1 Kritiek van buitestaanders.

Selfs voordat die vertaling aangepak is, was daar uit n gesaghebbende oord n waarskuwing aan die vertalers gerig. F.W. Grosheide van Nederland het n brief aan die vertalers geskryf waarin hy sê¹⁾:

"De Bijbel is overgelewerd als elk boek uit de oudheid door middel van MSS, papyri, enz. Hij (= die vertaler) heeft te weten welken tekst hij moet volgen en zoo heeft hij te maken met de tekstkritiek.

"De vertalers, die nog tot de oudheid moeten worden gerekend, beskikten blykens hun arbeid in de regel slechts over weinige, zoo niet over één handschrift. In de 19ders werden door nauwgezet onderzoek toe van nuwe handschriften van het N.T. ontdek en de bekende nauwkeuriger bestudeerd. De groote tekstkritici traden op, die feitelyk weer aansloten by allerlei pogingen tot vaststelling van den tekst. Aan de vaststelling van Von Sodens tekst werkten niet minder dan 40 geleerden mede. En er kon een z.g. doorsneetekst door Nestle worden gegee, die terecht heel spoedig in groote eere kwam en algemeen gevolg word
. : Voor het O.T. was het misschien

- 1) Bewaar in die Nienaber-versameling N2(b), Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens, Kaapstad. Ongelukkig het dit nie in geheel behoue gebly nie - ook die datum van die brief is verlore. Kyk ook in verband hiermee n bespreking deur J.D. du Toit, "Bijbelvertaling II", Het Kerkblad 353, 1 Julie 1916, p. 4-5. Die besluit om uit die Statevertaling te vertaal, het op daardie stadium nog gestaan en Grosheide het vergeefs betoog.

nog te doen om zich te houden aan den Massoretischen tekst, maar om voor het N.T. den Textus Receptus, d.i. de vroeger algemeen aanvaarde tekst, te volgen, zal wel niemand verdedigen."

Ook die geleerdes in Suid-Afrika het hulle misnoeë met die keuse uitgespreek. J. du Plessis van Stellenbosch het in n brief aan J.D. Kestell die volgende opmerking gemaak¹⁾:

"Het is toch uiterst jammer, dat men besloot bij de T.R. te blijven, en niet gebruik te maken van de gegevens en't nieuwe licht der laatste 400 jaren. Waarom zijn zij dan zoo bedroefd konservatief? De naturellen op onze zendingvelden bezitten n betere en juistere Bijbel dan wij . . . Nestle's tekst is nu de beste . . . 't geeft de laatste resultaten van de textuele kritiek - en dat is al dat n vertaler behoeft." Later, toe hy as n reviseur van die Afrikaanse vertaling opgetree het, kon Du Plessis maar net nie sy oë sluit vir die gebreke van die grondteks nie, en hy roep uit²⁾: "1. Ek wens in die eerste plek my protes aan te teken teen die kortsigtige besluit van die Kommissie om die textus receptus te bestendig. Dit is n miskennis van die hele studie van die N.T. sedert 1550, en sal die ondersoek van die

- 1) Die brief is gedateer 29 Desember 1923 en word bewaar in die Nienaber-versameling N8, Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens, Kaapstad.
- 2) In n brief aan die vertalers, gedateer 6 Mei 1927, Nienaber-versameling N8, Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens, Kaapstad.

N.T. deur ons volk vir 'n hele geslag of meer agter=uitsit.

"2. Beskeidenlik gee ek aan die hand dat aan die punktuasie baie sorg bestee word. Die punktuasie van die textus receptus is partykeer baie swak. Kyk bv. die versverdeling by Luk 23:56 en 24:1. Dit sou goed wees om Nestle te volg."

Ten spyte van hierdie besware wat daar van die geleerdes opgegaan het en teen hulle eie beterwete in het die vertalers tog besluit om die Textus Receptus te volg, uit vrees dat die Afrikaanse Bybel andersins vreemd sou wees vir die volk en daarom nie aanvaar sou word nie. In dié verband skryf J.D. Kestell¹⁾: "Wat die St. V.²⁾ betref, het die Kom. besluit op raad van die eindvertalers om die Textus Receptus te volg. Ek het dus in my later werk uit Nestle vertaal (wat ek tog denk dat ons moes gevolg het: maar ons volk 'kan dit nu niet verdragen')
. . . "

Die vrees dat die volk 'n vertaling uit 'n "vreemde" grondteks sou verwerp, was nie ongegrond nie. Pogings van die geleerdes om die noodsaaklikheid van 'n tekskritiese grondteks by die gewone kerklikmate

- 1) Uit 'n brief aan L.J. du Plessis, gedateer 28 Oktober 1924, Nienaber-versameling N13, Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens, Kaapstad. Afkortings word weergegee net soos dit in die briewe voorkom.
- 2) Statevertaling.

tuis te bring, het slegs verontwaardiging uitgelok. P. Boshoff van die N.G. Kerk het byvoorbeeld n artikel geskryf waarin hy beweer het dat die "Skrif onfeilbaar is in elke opsig, maar . . . nie dat die vertalings, die verskillende manuskripte en die gedrukte Bybel onfeilbaar is nie," waarop n ontstoke lidmaat uit Franschhoek n brief aan die Kerkbode rig¹⁾:

"Maar waar kan ons sulke Bybels kry? 'Bybel' is tog die naam waarvan ons almal die 'Boek der boeken' ken, en die baie ander name, wat gebruik word, veroorsaak net misverstand. Myne in elk geval is n gedrukte Bybel, en Ds. Boshoff sê my Bybel is nie onfeilbaar nie. Waarom is daar dan al die rusie in ons Kerk oor hierdie punt? Van die ander punte van verskil, onder die geleerdes verstaan die gewone Kerklid maar min . . . "

Hoewel reaksies van dié aard maar betreklik min was, het die vertalers as gevolg daarvan hulle gedwonge gevoel om by die grondteks van die Statebybel te hou. Sommige geleerdes het "die besware by die volk" as blote pessimisme beskou en in elk geval nie as genoegsame rede om so n onkritiese teks soos die Receptus te volg nie. Een van die reviseurs, J.P.H. Steyn, het verklaar²⁾:

- 1) Die lidmaat was A.J. Lamprechts en sy brief het verskyn onder die opskrif "Nog eens - watter Bybel?" in die Kerkbode van 23 April 1930.
- 2) Uit n brief van J.P.H. Steyn aan P.J. Nienaber, gedateer 15 Mei 1933, Nienaber-versameling N13, Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens, Kaapstad.

"Persoonlik is ek van gevoele dat ons die bes=
te teks moes volg. Dit sou seker meer moeite in
menige geval gewees het maar dit is tog nie n' onoor=
koomlike beswaar nie. Ons het vertaal vir die toe=
koms en nie gewerk vir die verlede nie."

3.1.1.2 Kritiek uit die vertalerskring self.

Namate die vertaalwerk gevorder het, het aller=
hande probleme met die navolging van die Textus Re=
ceptus opgeduik. In die eerste plek was dit nie
altyd moontlik om sowel by die Statevertaling as die
Textus Receptus te hou nie, aangesien hulle dikwels
van mekaar verskil het. Die oorsaak van hierdie
verskille was enersyds foutiewe vertaling deur die
Statevertalers¹⁾ en andersyds die feit dat die grond=
teks van die Statevertaling inderwaarheid nie die
Textus Receptus was nie.²⁾ In die tweede plek het
sommige lesings wat deur die Textus Receptus aange=
gee is, nie veel sin uitgemaak nie, en was die le=
sings van kritiese tekste baie meer aanvaarbaar.

J.D. Kestell, die eindvertaler van die Nuwe
Testament was uit die staanspoor n voorstander van
die navolging van n kritiese teks en het die leemte
wat volgens sy mening in die vertaling gelaat is,
selfs op die volgende manier probeer uitskakel:
"Ek het dus in my later werk uit Nestle vertaal . .

- 1) Kyk P.J. Nienaber, Die Geskiedenis van die Afri=
kaanse Bybelvertaling, Deel 11 - n Taalkundige
oorsig, P.J. Nienaber, Johannesburg, 1949, p. 16.
- 2) Vergelyk Hoofstuk II, 2.2, p.60-62.

en tussen haakies () die T.R. gesit. Met die re-
 wisseurs sal ons dan telkens Nestle deur haal en die
 T.R. laat bly - behalwe in n geval hier en daar, waar
 dit tog al te duidelik is dat ons die T.R. nie moet
 volg nie."¹⁾ Blykbaar het hierdie metode van J.D.
 Kestell nie byval gevind by ander vertalers nie,
 want 5 maande later skryf hy²⁾: "Jy sal gemerk het
 dat ek nou alles vertaal volgens die Textus Rec, en
 hier en daar invoeg n lesing van Nestle." Hy het
 hom toe blykbaar maar berus daarby om hom te hou by
 die Textus Receptus, maar hy het nie van oortuiging
 verander nie, soos blyk uit n brief aan L.J. du
 Plessis³⁾: "Maar as jy Matteüs vir die klas vertaal
 waarom gebruik jy die Textus Receptus? Daar is tog
 vir die klas nie rede om die T.R. te gebruik, wat die
 vertalers het nie."

Uit die onderlinge korrespondensie van die ver-
 talers blyk dat die vertalers moeite ondervind het
 om by die Textus Receptus te hou. J.P. van der Walt,
 een van die reviseurs van die Nuwe Testament, skryf
 aan Kestell⁴⁾: "Hoort Joh. (Evang.) 7:53 nie by

- 1) Uit die brief van J.D. Kestell aan L.J. du Plessis,
 van 28 Oktober 1924, kyk p.21, voetnoot 1.
- 2) Aan L.J. du Plessis, 30 Maart 1925, Nienaber-ver-
 sameling N13, Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens,
 Kaapstad.
- 3) Gedateer 23 April 1925, Nienaber-versameling N13,
 Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens, Kaapstad.
- 4) J.P. van der Walt aan Kestell, 18 September 1929,
 Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum, Bloem-
 fontein.

Cap. 8:1 nie? Vgl. o.m. Scrivener; die Critical Greek Testmt (van Scholz - Griesbach) deur Bagster & Sons uitgegee; The Revised Version (1881); die uitgawe vd Br & For. Bible Soc. (1904)." In n ander brief skryf hy¹⁾: "Luk 23:15 'want ek het hulle na hom gestuur.' Wat dink u, is die lesing van Tischendorf nie beter nie, t.w: ἀνέπεμφεν γὰρ αὐτὸν πρὸς ἡμᾶς 'want hy het Hom na ons toe teruggestuur'? Ek meen, hierdie vertaling gee beter sin. Vgl. die uitgawe van die N.T. deur die Br. & Buitl. Bybelgenootskap 1904, asook die Revised Version 1881.

Luk. 23:17: Waarom 'verplig' en nie 'gewoond' nie? vgl. Mt. 27:15, Mk. 15:6, Joh. 18:39. Hierdie hele vers word deur die Br. & Buitl. uitg. voornoem asook deur die Rev. Version (1881) weggelaat, wat m.i. beter is, daar die 18e so beter by die 16e aansluit." Al antwoord wat Kestell hierop kon gee, was: "Ons gebruik die Textus Receptus."

Samevattend kan dus gesê word dat die vertalers ten volle beseft het dat hulle uit wetenskaplike oogpunt n kortsigtige besluit geneem het in hulle keuse van die Textus Receptus as grondteks vir die Afrikaanse Bybel, maar dat hulle vanweë omstandighede dit as noodsaaklik beskou het om by die Textus Receptus te hou.

3.1.2 Motivering deur die vertalers.

Na die verskyning van die Afrikaanse Bybel in

- 1) Aan J.D. Kestell, 31 Augustus 1929, Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum, Bloemfontein.

1933 het die voorstanders van 'n kritiese grondteks nog steeds hulle stem laat hoor. Met die oog op die hersiene uitgawe van die Bybel het hulle herhaaldelik pleidooie gelewer vir die navolging van 'n ander Griekse teks. In April 1935 het M.J. van der Westhuizen 'n voorstel ingedien by die Raad der Kerken, wat lui¹⁾: "Die Raad oorweeg die wenslikheid om by die verskillende Sinodes aan te beveel dat aan die Bybelvertalers opgedra word om, met die oog op 'n ewentuele rewisie van die Afrikaanse Bybel, 'n vertaling te lewer, veral van die Nuwe Testament, volgens die beste teks van die oorspronklike." Volgens 'n verslag in Die Burger²⁾ is die bedoeling van die voorstel dat "gevoel (word) dat 'n beter resultaat verkry sal word met die vertaling van die Nuwe Testament as 'n meer gesaghebbende Griekse teks gebruik word as die Textus Receptus wat vir die eerste uitgawe gevolg is, blykbaar veral omdat dit die teks is wat ook in die Statevertaling gevolg is."

Die vertalers het hierop 'n verklaring uitgereik

- 1) Die volgende twee aanhalings en die daaropvolgende verklaring deur die vertalers kom uit 'n brief wat in April 1935 deur een van die vertalers geskryf is. Ongelukkig het die betrokke vertaler die brief nie onderteken nie, maar volgens die handskrif was dit J.D. du Toit. Die brief word bewaar in die Nienaber-versameling N13, Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens, Kaapstad. Spelling van brief behou.
- 2) Soos aangehaal deur J.D. du Toit in sy verklaring April 1935, *ibid.*

waarin hulle hul motiverings tot die keuse van die Textus Receptus uiteengesit het en pogings om n hervertaling van die Bybel te bewerkstellig afgewys het. Die verklaring lui soos volg:

"Die vertalers het op grond van bowestaande tot die gevolgtrekking gekom dat die al of nie aanvaarding van die Textus Receptus die eintlike vraagpunt is wat behandel sal word. Om dié rede wens hulle die volgende punte ter oorweging aan u voor te lê:

"1) Die Textus Receptus is nie bygeval nie, maar opsetlik gekies as die teks wat aan die Afrikaanse Bybelvertaling ten grondslag sou lê. Dié keuse is gedoen deur die Algemene Kommissie van die Hollandse Kerke van Suid-Afrika wat met die vertaalaangeleenthede belas was. Volgens hierdie keuse, wat meteens n opdrag was, het die vertalers te ver gegaan. Tot n verandering van hierdie opdrag sou besluit moet word deur gemelde Kommissie.

"2) Die vertalers moet u op die feit opmerkzaam maak dat die vertaling wat gelewer is, deur die verskillende betrokke sinodes alreeds goedgekeur is. Die ingebruikneming van bedoelde vertaling het as gevolg gehad dat al ongeveer 270,000 Bybels in ons land versprei is, n verandering van teks sal dus, onder die huidige omstandighede, groot ongerief en verwarring veroorsaak.

"3) Oor die waarde of onwaarde van die Textus Receptus wens die vertalers nou geen uiteensetting te gee nie¹). Dit sou hulle te ver wegvoer. Hulle wens

1) Die vertalers het natuurlik geweet dat sodanige uiteensetting noodwendig op die wetenskaplike onwaardigheid van die Textus Receptus sou dui.

alleen daarop te wys dat die Receptus hom gehandhaaf het deurdat dit die teks is wat ten grondslag lê aan die vertalings wat nog altyd kerklik gesaghebbend in die groot kultuurlande van die wêreld gebruik is. Wel is daar nuwe vertalings gelewer of in vooruitsig gestel. Wat die eerstes, wat al gelewer is, betref, is dit bekend dat hulle geen algemeen geldende kerklike gesag verwerf het nie. Wat dié wat in vooruitsig gestel word, betref, kan uiteraard niks met sekerheid gesê word aangaande hulle toekomstige lotgevalle nie. Die vertalers oordeel dat insake die ewentuele vasstelling, vertaling en kerklike invoering van 'n ander Bybelteks op die leiding van die Wes-Europese kultuurvolke gewag moet word. Van ons volk waarvan maar 'n uiters geringe persentasie hom vir tekskritiese kwessies interesseer, kan in hierdie stadium van ons ontwikkeling nie verwag word dat ons, al is dit saam met ander, die voortou sal neem nie. Bowendien sal die weglating van woorde, tekste en selfs gedeeltes van die Nuwe Testament, soos aan ons volk oorgelewer, sekerlik skerpe teëspraak uitlok en ook die Bybelleser onnodig verontrus."

3.2 GEBRUIKMAKING VAN VERTALINGS

Die eerste opdrag aan die vertalers was om uit die oorspronklike teks, soos dit in die Textus Receptus weergegee word, te vertaal, en hulle het hulle by hierdie opdrag gehou. "Oor die geheel is die oorspronklike teks vertaal: T.R. . . . Selfs . . .

waar geen vertaler kon vertaal, is dit vertaal."¹⁾

In die aantekeninge en opmerkings van die vertalers²⁾ word gemerk dat hulle probeer het om die Grieks getrou na te volg.

- 1) Aldus L.J. du Plessis in 'n gesprek met P.J. Nienaber, Nienaber-versameling N13, Kaapse Provinsiale Biblioteek, Kaapstad.
- 2) Heelwat van die aantekeninge en opmerkings van D.B. Bosman, J. du Plessis en J.D. Kestell word in oorspronklike vorm bewaar in die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum, Bloemfontein, en die ongeliassende Nienaber-versameling, Kaapse Provinsiale Biblioteek, Kaapstad. Die meegaande afdrucke van die aantekeninge van D.B. Bosman oor die vertaling van Handeling 23 en 24 dien as illustrasie. Die oorspronklike word bewaar in die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum, Bloemfontein. In Hand. 23:14, 16 en 21 gaan dit oor die getroue navolging van die Grieks. In Hand. 24:1,10 vermeld Bosman lesings van ander vertalings, in Hand. 24:10 gaan dit oor suiwere vertaling en in Hand. 24:3 oor verskil in lesing tussen die Textus Receptus en 'n kritiese teks.

18

Dr. D.B. Bosman

Hand. 23: 14	"verleind" ep. v. "verwens" [nee Supra 2 v d B paxatigw
15, 16, 18, 19, 22	Χι δὲ ἀχρῶς [supra]

- 16 het zegen en in die kamp
 yllom. [Die woordde is ook
 in die Grieks].
- 17, 23 Kapteins. [Supra]
- 21 hulle self verwoed = verbinde.
 [Supra 2 v d. 2 p. 11 (10)]
- 23 ὀπλιτάριος = speerwonder
 [Oblinke, de Zwaan heb. speer-
 wapen, prov. laandraers]
 [die gewapende manne "kan
 by - elke vertaling is ongeluk.]

Hoofdstuk 24.

- 1, 10 ἡγεμονία, de Zwaan
 die "heermeester"
 [Advocaat het leidie en
 de Zwaan]
- 7, 22 χιλιάρχοι
- 10 die krag van ἀποκρίθαι kom
 in die vertaling nie uit nie
 het Paulus (op die bedrukking) p-
 antwoord. [prov. "santwoord"]
- 24: 3 voortrefflike dienste, 2 p. v. herkom-
 -my. T.R. het κειρόσθαι d. Noun
 leeny ὀπίσθαι = leenwinnig.

Die verdere opdrag van die Bybelvertalingskommissie was om tóg die Nederlandse Statevertaling so na moontlik te volg. Die vertaling sou dus nie slegs op die Grieks gegrond wees nie. Voorts blyk dit dat die vertalers ook ander vertalings van die Nuwe Testament geraadpleeg het¹⁾. Kestell skryf byvoorbeeld insake sy werksmetode²⁾: "Eers maak ek my van alles los, en het net die Grieks voor my. Geen ander geskrif is daar ter regter- of linkerhand, behalwe Lexica en grammatika's. Ek trag so in te leef in die Woord, en vertaal so goed as ek kan. Het ek dan n bladsy of 4 vertaal, dan reviddeer ek eers met die Statenvertaling, en dan met die Revised Ver . . . Voor my staan daar die Leidse Vertaling, n ander hollandse: Kampen, of van Veldhuizen, en Engelse: Moffat, Weymonth, 19th Century, Goodyear. Die Duitse, Franse, selfs Italiaanse en ander raadpleeg ek ook."

Volledigheidshalwe is dit noodsaaklik om hier vas te stel in watter mate gebruik gemaak is van vertalings van die Nuwe Testament.

- 1) Slegs by die vertaling van die N.T. is ander vertalings geraadpleeg en nie by die O.T. nie, al dus J.D. du Toit in n brief aan P.J. Nienaber, 1933, Nienaber-versameling N13, Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens, Kaapstad. Hoewel die O.T. n baie groter volume vertaalwerk ingehou het as die N.T., is n baie belangrike rede waarom die N.T. in slegs 2 jaar voltooi is teenoor die 4 jaar van die O.T., die feit dat ander vertalings geraadpleeg is.
- 2) Uit n brief aan J.D. du Toit, 17 Mei 1924, Nienaber-versameling N2(b), Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens, Kaapstad.

3.2.1. Raadpleging van die Nederlandse Statevertaling

Die volledigste en mees deurtastende verklaring oor die vertalers se metode by die vertaling van die Bybel in Afrikaans en hul vertaalmoeilikhede, is te vind in die geskrewe verslag wat J.D. du Toit op die vergadering van die Breë Kommissie voorgelees het op 7 Augustus 1924. Dit lui:¹⁾

"By die vertaling van die Heilige Skrif moet soveel moontlik met die Statevertaling rekening gehou word. Dit betref sowel die keuse van die woorde as die bou van sinne, vir so ver as dit bestaanbaar is met 'n korrekte vertaling en die eise van 'n suiwere Afrikaans.

"Aansluiting by die Statevertaling is noodsaaklik: (1) omdat dit onder ons die gesaghebbende vertaling is, en (2) omdat die woorde en klanke daarvan, altans vir 'n groot gedeelte, by ons volk bekend en gelief is "

J.D. du Toit het blykbaar in die vertaling van die Ou Testament by hierdie beleid gehou, maar J.D. Kestell het by die vertaling van die Nuwe Testament moeite daarmee ondervind, waarskynlik omdat hy ook ander Griekse tekste en vertalings van die Nuwe Testament geraadpleeg het. Soms kon hy maklik by die

1) Soos aangehaal deur P.J. Nienaber, op. cit., 1949, p. 14-15.

Statevertaling hou. In 1924 skryf Kestell aan J.D. du Toit¹⁾: "Ek vorder mooi, die briewe van Johannes het baie gou gegaan. Die Afrikaans lyk byna presies op die St.V. - Dr. Keet sal hier geen beswaar hê nie²⁾." Later bemerk J.D. du Toit dat Kestell afwyk van die Statevertaling en hy sê³⁾: "Dan, ek het u vertaling van die Hebreërbrief en sien u laat in hd. 1:9 die vert. van St.V., maar gee u opsie aangaande die woorde 'O God' of 'God'." Ook L.J. du Plessis merk op in 'n brief wat hy saam met 'n gerevisieerde MS terugstuur aan Kestell⁴⁾: ". . . nou moet ek u meedeel dat Dr. du Toit die volgende modus operandi neergelê het, dat sy manuskrip eers deur my nagesien en van opmerkings voorsien word met die oog op die getroue weergawe van die Statebybel en teks en die suiwerheid van die Afrikaanse styl . . . "en verder oor sy eie revisiewerk: "Baie wysiginge is bedoel om die vertaling terug te bring tot die teks deur die Statevertalers gevolg, wat u nie konsekwent doen nie."

- 1) Uit 'n brief gedateer 12 November 1924, Nienaber-versameling N2(b), Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens, Kaapstad.
- 2) B.F. Keet, een van die eindvertalers van die N.T. het J.D. du Toit se standpunt gesteun m.b.t. die vertaling uit die Nederlands (2e tydperk) en in die navolging van die Textus Receptus en Statebybel (3e tydperk).
- 3) Uit 'n brief aan Kestell, gedateer 18 Julie 1926, Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum, Bloemfontein.
- 4) Gedateer 21 September 1924, Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum, Bloemfontein.

Die pogings van vertalers (in die besonder Kestell) om soms weg te breek van die Statevertaling is dus die nek ingeslaan, veral ná die volgende vermaning van J.D. du Toit¹⁾: "Ek meen dat die Kaapse Sinode goed sal doen as hulle nadruk lê daarop dat ons die Statevertaling volg sover as ons kan (as grondslag). Anders kry vertalers naderhand moeite onder mekaar en met die kerke. Ons moet op die punt mekaar verstaan & die gevoel van die kerk laat geld."

Die Afrikaanse vertaling is gevolglik in so n mate geharmonieer met die Statevertaling dat die bewering gemaak kan word dat die Nuwe Testament in Afrikaans vertaal is uit die Textus Receptus met interpretasie uit die Nederlandse Statevertaling.

3.2.2 Raadpleging van ander vertalings

Kestell het openlik verklaar dat hy vir die vertaling van die Nuwe Testament ook ander vertalings as die Statevertaling geraadpleeg het. Hoewel hy melding maak van "Duitse, Franse; selfs Italiaanse en ander"²⁾ vertalings, blyk dit tog dat hy meesal van die Engelse vertalings gebruik gemaak het.

- 1) Uit n brief aan Kestell, gedateer 28 September (1926?), Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum, Bloemfontein.
- 2) Uit die brief van Kestell aan J.D. du Toit, kyk p.31 voetnoot 2.

Blykbaar het hy ook verskillende Engelse vertalings geraadpleeg¹⁾: "Ek het by my ander Engelse vertalinge van die Nuwe Testament ook die van J. Goodspeed, Proff. of Biblical & Patristic Greek, Chicago gekry. Hy is origineel en te vry op baie plekke vir ons. Die moeilike πολυμέρως καὶ πολυτρόπως in Hebreërs 1:1 vertaal hy 'little by little and in different ways'."

Vanweë die uitdruklike voorkeur wat aan die Sta-tevertaling verleen is, kon die ander vertalings slegs in "raadgewende hoedanigheid" geïmplementeer word, soos blyk uit die volgende opmerkings²⁾: "Die futurum van die T.R. in 1 Kor. 5:13 kom nie uit in enige vertaling wat ek gesien het nie, van Tyndale tot die Rev. Vers. toe. Ook in Beza nie," en³⁾: "Soos ek Mat. 19:20 stuur is dit presies konform my oorspr. MS. Evangelies & presies soos R.V. Ons het besluit julle voor ook in te voeg. Maar dan is dit nie mooi en duidelik nie. Vandaar sal julle, net soos R.V."

- 1) Uit n brief van Kestell aan J.D. du Toit, gedateer 31 Januarie 1924, Nienaber-versameling, Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens, Kaapstad.
- 2) Uit n brief van Kestell aan L.J. du Plessis, gedateer 29 Desember 1924, Nienaber-versameling N13 Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens, Kaapstad.
- 3) Die naskrif van n brief van J.D. du Toit aan Kestell, gedateer 2 Mei 1931, Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum, Bloemfontein.

Uit die bespreking hierbo kan gekonkludeer word dat, hoewel ander vertalings as die Statevertaling bygestaan het by die vertaling van die Nuwe Testament in Afrikaans, hulle geen direkte invloed op die vertaling gehad het nie en bloot maar as hulpmiddels opgetree het. Daarteenoor het die Statevertaling as "sekondêre basis" vir die Afrikaanse vertaling gefunksioneer, sodat die grondteks van die Afrikaanse Nuwe Testament die Textus Receptus was en die Nederlandse Statevertaling as sekondêre basis gedien het, terwyl ander vertalings slegs hier en daar ter ophelderling geraadpleeg is.

Ten besluite moet die besondere eer wat die 1933-vertalers toekom, aan hulle gegee word. Hulle het hulle met bewonderenswaardige toewyding aan hulle taak gewy en 'n vertaling tot stand gebring wat van onskatbare waarde was vir die Afrikaanse volk en -taal.

Aan die ander kant het hulle in hulle keuse van die N.T. grondteks vir hulle vertaling in twee opsigte foutief geoordeel:

(1) Hulle het te veel oorweging geskenk aan die moontlikheid dat 'n "vreemde" teks aanstoot kan gee by die volk, terwyl van die vertalers self verklaar het dat dit nie 'n onoorkomelike probleem was nie. Die mislukte vertaling van S.J. du Toit, wat uit 'n kritiese grondteks vertaal het, het die vertalers laat huiwer om weer uit 'n kritiese teks te vertaal, terwyl hulle uit die oog verloor het dat sy vertaling nie om rede van die grondteks verwerp is nie, maar om rede van die ongekunstelde taal.

(2) In hulle besluit om dieselfde Griese teks te volg as die teks waaruit die Statevertaling gemaak is, het hulle goedertrou aanvaar dat dit die Textus Receptus was, wat nie die geval was nie.¹⁾ In werklikheid het die vertalers van die Afrikaanse Bybel dus 'n ander grondteks gevolg as die Statevertalers, hoewel die twee grondtekste nie veel van mekaar verskil het nie.²⁾

1) Kyk Hoofstuk II 2.2, p. 60-62.

2) Kyk Hoofstuk II 1.5, p. 55-56.

HOOFSTUK II

DIE HISTORIESE AGTERGROND VAN DIE BRONNE VAN DIE NUWE TESTAMENT IN DIE AFRIKAANSE BYBEL

Met die oog op die bepaling van die waarde of die onwaarde van die grondteks van die 1933-vertaling, moet vasgestel word volgens watter metodes dit saamgestel is en watter MSS van die Nuwe Testament as teksgetuïenis daartoe gedien het. Derhalwe word in hierdie hoofstuk die historiese agtergrond van agtereenvolgens die Textus Receptus en die Nederlandse Statevertaling nagegaan om daaruit die metode waarvolgens elkeen onderskeidelik saamgestel is, te bepaal, terwyl deurgaans besondere aandag gegee word aan die teksgetuïenisse.

1. DIE GESKIEDENIS VAN DIE TEXTUS RECEPTUS

Na die uitvinding van die boekdrukkuns in 1450 is aanvanklik slegs vertalings van die Nuwe Testament gedruk en eers in 1516, meer as n halfeeue later, het die Griekse Nuwe Testament vir die eerste keer in

druk verskyn.¹⁾ Dit was n teks saamgestel deur Desiderius Erasmus. Hierdie teks het saam met die uitgawes wat in die daaropvolgende eeu verskyn het, n groot invloed gehad op die vorm van die Textus Receptus, d.i. die 1633-uitgawe van die Nuwe Testament deur die broers Elzevier. Daarom begin die geskiedenis van die Textus Receptus alreeds aan die begin van die 16e eeu, met die samestelling en publikasie van die eerste gedrukte Griekse tekste van die Nuwe Testament.

1.1 DIE COMPLUTENSIESE POLYGLOT

1.1.1 Ontstaansgeskiedenis

In 1502 het die Spaanse kardinaal Francisco Ximenes de Cisneros besluit om n Griekse teks saam te

- 1) Metzger, B.M., The text of the New Testament, its transmission, corruption and restoration, Oxford Univ. Press, Londen, 1964, p. 95, skryf hierdie talming toe aan die hoë koste verbonde aan die reproduksie van die Griekse alfabet en die aansien van die Latynse Vulgaat. By die minder geleerde monike is die mening selfs gehuldig "dat men een nieuwe taal had uitgevonden, dat men Grieksch noemde," aldus de Bruin C.C., De Statenbijbel en zijn voorgangers, A.W. Sijthoff's Uitgevers, Leiden, 1937, p. 106.

stel as deel van n Polyglot-Bybel. Die Ou Testa= ment hiervan het bestaan uit die Hebreeuse, Latynse en Griekse teks langs mekaar¹⁾ en die Nuwe Testament uit die Griese teks in die 1e kolom en die Latynse Vulgaat in die 2e kolom. Hierdie Polyglot-Bybel is gedruk en uitgegee in die dorp Complutum in Spanje en daarom het dit bekendgestaan as die Complutensiese Polyglot. Die medewerkers aan die Complutensiese Polyglot was o.a. Diego Lopez de Zuniga²⁾, Hernán Nunez de Guzman en 3 bekeerde Jode.

Deel V van die Complutensiese Polyglot met die Griekse N.T. en n woordelys met Latynse ekwivalente, was op 10 Januarie 1514 voltooi, aldus sy colophon. Maar tog is eers op 22 Maart 1520 deur Pous Leo X toestemming gegee vir publikasie en eers in 1522 is dit behoorlik gesirkuleer.³⁾ Hierdie vertraging in die

- 1) . . . met die Latyn in die middel, aldus die sa= mestellers, soos Christus tussen die twee moor= denaars. - J.H. Greenlee, Introduction to New Testament textual criticism, W.B. Eerdmans Pu= blishing Co., Michigan, 1970, p.70. Selfs onder die samestellers van die Complutensiese Polyglot was die Latynse Vulgaat hoog in aansien.
- 2) Die spelling van B.M. Metzger, op. cit. p.96, word hier gevolg. N. Buffinga, Het Nieuwe Testa= ment in de loop der eeuwen, U.M. Holland, Amster= dam, gee die naam aan as Jacob Lopez de Estuniga p.141.
- 3) B.M. Metzger, op. cit., p. 97; J.H. Greenlee, op. cit., p.70; N. Buffinga, op. cit., p.135.

publikasie van die Polyglot het heelwat van sy aansien laat verlore gaan, aangesien ander uitgewers van die geleentheid gebruik gemaak het om die le Griekse teks in druk uit te gee.¹⁾

1.1.2 Tekstgetuienisse

Kardinaal Ximenes dra die Polyglot op aan Pous Leo X en in sy voorwoord vermeld hy met hoeveel moeite die Griese MSS van die Nuwe Testament versamel is. Hy sê o.a. dat "non quevis exemplaria impressioni huic archetypha fuisse: sed antiquissima emendatissimaque: ac tante preterea vetustatis, ut fidem eis abrogare nefas videatur: Que sanctissimus in Christo pater et dominus noster Leo decimus pontifex maximus, huic instituto favere cupiens ex apostolica bibliotheca educta misit . . ." ²⁾ Die enigste MS van

- 1) Dit is die publikasie van die Erasmus-teks deur Frobenius in 1516.
- 2) Soos aangehaal deur Scrivener, F.H.A., A plain Introduction to the Criticism of the New Testament, vol II, George Bell & Sons, Londen, 1894, p. 178. Vertaling: "Nie enige eksemplaar het gedien as basis vir hierdie samestelling nie, maar die oudste en mees herstellde eksemplare: en hulle is van so n ouderdom dat dit duidelik n fout sou wees om nie op hulle te steun nie: Pous Leo X, heilig in Christus, het hulle uit die Apostoliese biblioteek geneem en aan ons gestuur, in n poging om hulp te verleen aan hierdie samestelling."

hierdie antiquissima exemplaria wat spesifiek vermeld is deur Stunica¹⁾, nl. Codex Rhodiensis, het verlore geraak vir die moderne tekskritiek. Ten spyte van pogings om die ander MSS waarop die Complutensiese Polyglot gebaseer is, na te speur²⁾, kon tot op hede geen bevredigende antwoord verkry word nie en bly die manuskrip-basis van die Complutensiese teks onbekend.³⁾ Nogtans, ten spyte van 2 300 verskille van die Stephanus-tekste, dra die Complutensiese tekste n algehele Bisantynse karakter.⁴⁾

- 1) In dispuut met Erasmus, aldus Scrivener, F.H.A., op. cit., vol I, p.288.
- 2) Onder andere Franz Delitzsch, Studien zur Entstehungsgeschichte der Polyglottenbibel des Cardinals Ximenes, Programm, Leipzig, 1871. Scrivener, F.H.A., op. cit., vol II, p.179-180, wys daarop dat die Complutensiese tekste tekens van verwantskap vertoon met Cod. Regius 84, Cod. Caesar-Vindobonensis, Cod. 140, Cod. 51 en Cod. 42^{apr}, maar dat daar nie genoegsame bewyse is om hulle as teksetuïensisse vir die Complutensiese tekste te beskou nie.
- 3) Kyk ook Zuntz, G., "The Byzantine text in New Testament Criticism", The Journal of Theological Studies, 43, Clarendon Press, Oxford, 1942, p. 25-30.
- 4) Aldus G. Zuntz, *ibid.*, p.26. Kyk ook bylae I, p.108, i.v.m. die waarde van die verskillende tekstefamilies.

1.2 DIE TEKS VAN ERASMUS

1.2.1 Ontstaansgeskiedenis

Die eerste gedrukte teks van die Nuwe Testament in Grieks wat gepubliseer is, is saamgestel op aandrang van Frobenius, 'n Switserse boekdrukker van Basel, wat kardinaal Ximenes wou voorspring met 'n uitgawe van die Griekse teks. Hy het die Hollandse geleerde, Desiderius Erasmus (1467-1563) van Rotterdam, versoek om dié teks saam te stel. Omdat Frobenius oorhaastig was om die teks uit te gee voor kardinaal Ximenes, het hy by Erasmus daarop aangedring om so goue as moontlik die werk te voltooi.

Daar bestaan verskeie menings oor hoe lank Erasmus aan die samestelling van die teks gewerk het. J.H. Greenlee¹⁾ meen dat hy in September 1515 begin werk het, dit is sewe maande voor die publikasiedatum 1 Maart 1516. B.M. Metzger²⁾ stel die aanvang van Erasmus se werk op Julie 1515. N. Buffinga³⁾ sê dat die drukwerk alreeds op 11 September 1515 begin het. Die historici is dit eens dat Erasmus die teks binne 'n baie kort tyd saamgestel het. Hy verklaar self dat hierdie teks van hom eerder afgerammel

1) Greenlee, J.H., op. cit., p.70.

2) Metzger, B.M., op. cit., p.99.

3) Buffinga, N., op. cit., p.136.

as saamgestel ("praecipitatum verius quam editum"¹⁾) was. Die gevolg van sy haas was dat hy nie veel aandag geskenk het aan deeglike voorbereiding en afwerking van die teks nie. F.H.A. Scrivener merk veelvuldige tipografiese foute op in die Erasmus-tekstense²⁾: "It is in that respect the most faulty book I know."

C.C. Tarelli beweer³⁾ dat die haas waarin die samestelling plaasgevind het nie juis 'n nadelige invloed op die gehalte van die teks gehad het nie:

"Erasmus's own confession of precipitation has led to an exaggerated notion of the haste with which his edition was prepared, and the shortness of time for consulting authorities. But it should not be forgotten that Froben applied to him to undertake the publication of the New Testament because he was

- 1) Soos aangehaal deur Metzger, B.M., op. cit., p.99. Erasmus is minder beskeie op die titel-blad van sy 1522-uitgawe: "Novum Testamentum omne, diligenter ab Erasmo Roterdamo recognitum et emendatum, non solum ad graecam veritatem, verum etiam ad multorum utriusque linguae codicum, eorumque veterum simul et emendatorum fidem, postremo ad probatissimorum autorum citationem, emendationem et interpretationem . . .", Desiderii Erasmi Opera Omnia, Deel 6, heruitgegee deur The Gregg Press Ltd., België, 1962.
- 2) Scrivener, F.H.A., op. cit., vol. II, p. 185.
- 3) Tarelli, C.C., "Erasmus's manuscripts of the Gospels", The Journal of Theological Studies, 44, Clarendon Press, Oxford, 1943, p. 155-162.

known to be familiar with the Greek Text." Nogtans kan die moderne tekskritiese wetenskap nie anders as om, vanweë die haas van die samestelling, die gesag van die teks van Erasmus in twyfel te trek nie.

1.2.2 Teksgetuïenisse

In die voorwoord tot sy teks, gedateer 1 Februarie 1516, dra Erasmus die uitgawe op aan Pous Leo X en skryf dat hy die oudste en beste handskrifte ("codicibus . . . vetustissimis simul et emendatissimis¹⁾) en die aanhalings van die kerkvaders getrou geraadpleeg het. In werklikheid het Erasmus die eerste die beste MSS waarop hy sy hand kon lê, gebruik as basis vir sy teksuitgawe²⁾: ses minuskelhandskrifte wat toevallig in Basel beskikbaar was, almal van die laat-Bisantynse tekstipe, met uitsondering van MS 1, wat 'n Caesareaanse teks was³⁾. Nie een van hierdie MSS het die hele Nuwe Testament bevat nie en daarom moes Erasmus sy teks-samestelling nou op die een, dan weer op die ander MS baseer.

- 1) Desiderii Erasmi Opera Omnia, op. cit., voorwoord.
- 2) Kyk Metzger, B.M., op. cit., p.99; Greenlee, J.H., op. cit., p.70; Buffinga, N., op. cit., p.136.
- 3) Kyk Bylae 1, p.108 i.v.m. die waarde van die verskillende teksfamilies.

1.2.2.1 Tekstgetuienis vir die Evangelies

Die Evangelies van die Erasmus-tekst was, aldus Zuntz¹⁾ "printed from the Basel minuscule 2, with fairly frequent adjustments taken partly from minuscule 1, partly from the Vulgate and what not." Dit is jammer dat Erasmus MS 1, die MS met die hoogste betroubaarheid wat tot sy beskikking was, slegs van tyd tot tyd bygehaal het en die Evangelies in hoofsaak gebaseer het op MS 2, wat relatief min waarde besit. MS 1 is baie noukeuriger as MS 2. Uit die colophone in MS 1 blyk dat MS 1 'n weergawe van 'n kritiese resensie was. MS 2 daarenteen is ortografies swakker as MS 1. Aksenttekens is verkeerd en veral die verwarring van ε en η kom so dikwels voor dat Erasmus dit moes korrigeer - selfs plekke waar dit korrek was, het hy verander bv. στερρα → στέρρα.²⁾ MS 2 verteenwoordig in hooftrekke die tekst van die meerderheid van die tekste wat uit dieselfde tyd was.

Waar MS 1 en MS 2 nie met mekaar ooreengestem het nie, het Erasmus dié lesing gevolg wat deur die Latynse Vulgaat³⁾ ondersteun is. 'n Voorbeeld hier-

1) Zuntz, G., op. cit., p.26.

2) Kyk veral Tarelli, C.C., op. cit., p.44.

3) Dié Vulgaat was gebaseer op Oud-Latynse vertalings wat die Westerse tekstipe gevolg het. Hieronymus het die Oud-Latynse weergawes hier en daar met lesings uit Alexandrynse MSS gekorrigeer, kyk Metzger, B.M., op. cit., p.76.

van is Mark. 1:16 waar die lesing τὸν ἀδελφὸν Σίμωνος in navolging van die Latynse "fratrem eius" verander is na τὸν ἀδελφὸν αὐτοῦ¹⁾. Daar is ook gevalle waar Erasmus lesings gee wat nóg in MS 1, MS 2 of die Vulgaat staan. Erasmus volg bv. MS 1 in Matth. 16:2,3 en die Vulgaat, maar met die woord ὑποκριταί wat nie in een van die betrokke MSS voorkom nie.²⁾

1.2.2.2 Teksgetuienis vir Handeling en die Briefe³⁾

Erasmus het die teks van Handeling en die sendbriewe gebaseer op MS 2^{ap}, n minuskelhandskrif wat dateer uit die 12e eeu en ewe min waarde het as MS 2 van die Evangelies. F.H.A. Scrivener sê⁴⁾: "Erasmus grounded on this copy, in some passages with some alterations of the MS., the text of his first edition (1516), and he calls it 'exemplar mire cas=

- 1) Kyk Tarelli, C.C., op. cit., p.158.
- 2) Kyk Tarelli, C.C., op. Cit., p.159. Tarelli stel voor dat Erasmus die unciaalmanuskrip E (Cod. Basiliensis) onder oë gehad het, maar erken dat hy nie genoegsame bewyse daarvoor het nie.
- 3) Die numering van die MSS wat hier gevolg word, is soos dit gebruik word deur F.H.A. Scrivener. Waar verwarring kan ontstaan, is bygevoeg op watter boeke van die NT dit betrekking het.
- 4) Scrivener, F.H.A., op. cit., vol.I p.284.

tigatum'."

Erasmus het die teks van MS 2^{ap} vergelyk met MS 1, soos by die samestelling van sy teks van die Evangelies, en ook met MS 4^{ap} en MS 7^p. Dit is duidelik dat Erasmus gebruik gemaak het van MS 4^{ap} en sy kantlesings in o.a.¹⁾ Handeling 8:37, 15:34 en 24:6-8. Invloed van MS 7^p is sigbaar in o.a. Romeine 5:21, 6:19, 8:35, 15:31, 16:22; 1 Korinthiërs 9:15; 2 Korinthiërs 5:4, 9:8; Galasiërs 1:6, 3:7; Filippense 3:9; Kolossense 1:6, 3:17; 1 Thessaloniense 1:7; Titus 3:8; Philemon 15; Hebreërs 5:4 en Hebreërs 6:5.

1.2.2.3 Teksetuienisse vir Openbaring

Vir die Openbaring van Johannes het Erasmus slegs een manuskrip tot sy beskikking gehad wat hy geleen het van sy vriend Reuchlin. Dit was MS 1^r, wat Erasmus "exemplar vetustissimum" genoem het. MS 1^r was 'n minuskelhandskrif uit die 12e of die 13e eeu wat heelwat beskadig was en boonop nie heeltemal volledig nie. Verder was die meegaande Griekse kommentaar van Andreas van Caesarea onherkenbaar vermeng met die teks. F.H.A. Scrivener dui aan²⁾ dat Erasmus nie altyd die teks van die kommentaar kon on-

1) Volgens Scrivener, *ibid.* vol. I, pp.284 en 307.

2) Scrivener, F.H.A., *op. cit.* Vol.I p.320.

derskei nie en dat dit foutiewe lesings tot gevolg gehad het in Openbaring 2:17, 3:5, 3:12, 3:15,6:11 en 6:15.

Die laaste 6 verse van Openbaringe het geheel en al ontbreek. Erasmus het dit bygevoeg in sy teks deur dié gedeelte in Grieks te vertaal uit die Latynse Vulgaat.¹⁾ Die gevolg was dat daar in hierdie gedeelte van die teks lesings voorkom wat deur hoegenaamd geen Griekse MS ondersteun word nie.²⁾ Buiten hierdie gedeelte het Erasmus verskeie interpolasies, waartoe die Vulgaat die enigste getuienis was, ingevoeg, bv. in Openbaring 2:3, Openbaring 6:1,3,5,7, Openbaring 8:10, Openbaring 14:5 en Handeling 8:37.³⁾

In navolging van sy teksgetuienisse het Erasmus die baie twyfelagtige lesing in 1 Joh. 5:7-8, bekend as die Comma Johanneum, wat tradisioneel was in Vulgaat, weggelaat. Oor die weglating hiervan het verskeie geleerdes, o.a. Stunica, geprotesteer.

- 1) Kyk Greenlee, J.H., op. cit., p.70 en Scrivener, F.H.A., op. cit., vol.II, p.184.
- 2) Oorblyfsels van hierdie vertaling van Erasmus het aan die Textus Receptus bly kleef, bv. ὁθηρινός, Openb. 22:16; ἐλθέ, ἐλθέτω, λαμβανέτω τό, Openb. 22:17; συμμαρτυροῦμαι γάρ, ἐπιτιθήῃ πρὸς ταῦτα, τῷ (voor βίβλω), Openb. 22:18. Kyk foto-kopie, Tabel G., p.88-90.
- 3) Kyk Hammond, C.E., Outlines of textual criticism applied to the New Testament, 6e hersiene uitgawe, Clarendon Press, Oxford, 1902, P.14.

Om Erasmus van die outensiteit van hierdie gedeelte te oortuig, het hulle na 'n lang soektog MS 61 (Cod. Montfortianus), 'n minuskeleksemplaar wat waarskynlik juis vir dié doel deur hulleself opgestel is, na vore gebring¹⁾. Op gesag daarvan het Erasmus die Comma Johanneum in sy 1522-uitgawe bygevoeg, hoewel hy glad nie oortuig was nie en self skepties gestaan het teenoor die outensiteit van die eksemplaar. Hy sê²⁾: "Primum in hoc dissonat exemplar, quod ex eadem, ni fallor, Bibliotheca petitum sequuti sunt Hispani, ab exemplari Britannico, quod hic adduntur articuli, ὁ Πατήρ, ὁ Λόγος, τὸ Πνεῦμα, qui non addebantur in Britannico."³⁾

Daar het 4 uitgawes van die teks van Erasmus verskyn:

- (1) 1516 - Die eerste gedrukte Griekse teks van die N.T. wat verskyn het.
- (2) 1519 - 'n Hersiene uitgawe wat deur Luther gebruik is vir die Duitse vertaling.
- (3) 1522 - In hierdie uitgawe is die Comma Johanneum

- 1) Dit is die enigste MS wat tot op hede gevind is waarin die Comma Johanneum voorkom.
- 2) Desiderius Erasmus, op. cit., p. 1079-1081, voetnota 3.
- 3) Vertaling: "In die eerste plek verskil die eksemplaar, wat die Spanjaarde in dieselfde Biblioteek gevind het, as ek nie bedrieg word nie, en nagevolg het, hierin van die Britse eksemplaar, omdat die volgende begrippe bygevoeg word: 'Die Vader, die Woord, die Gees,' wat nie bygevoeg is in die Britse eksemplaar nie."

neum bygevoeg.

(4) 1527 - Die teks van hierdie uitgawe is hier en daar aangepas ooreenkomstig die Complutensiese teks, veral in Openbaring.

Erasmus se teks het groot aanhang gekry in die Kerk. Omdat dit die eerste gedrukte Griekse teks was, is dit as't ware as die "oorspronklike teks" beskou en het aansien bo verdienste gehad. C.C. de Bruin¹⁾ meen dat dit veral ook gewild was omdat dit in n baie meer gemaklik hanteerbare vorm gedruk is as die Complutensiese Bybel en die prys in elk geval laer was. "Important however," sê Hammond²⁾, "to us is the forth edition (1527) . . . which became the basis of the Textus Receptus."

1.3 DIE UITGAWE VAN STEPHANUS

In 1546, 1549, 1550 en 1551 het 4 uitgawes van die Nuwe Testament in Grieks verskyn o.l.v. Robert Estienne, bekend onder die Latynse naam Stephanus. n man uit n drukkersfamilie van Parys. Stephanus het die 4e uitgawe ³⁾ van die Erasmus-teks feitlik

- 1) De Bruin, C.C., op. cit., p. 108.
- 2) Hammond, C.E., op. cit., p. 14
- 3) Scrivener, F.H.A., op. cit., vol.II, p.190-191, meen dit was die 5e uitgawe. Dit verander weinig aan die saak, aangesien die 5e uitgawe n blote herdruk van die 4e uitgawe was.

onveranderd oorgeneem en met enkele tekswysigings volgens die Complutensiese teks gepubliseer.

Veral van belang is Stephanus se 3e uitgawe wat bekendgestaan het as die Regia. Dit is in twee opsigte belangrik:

(1) Die Regia het die Textus Receptus in Brittanje en die V.S.A. geword.

(2) In die Regia kom die eerste poging tot tekskritiese apparaat voor. Stephanus het aantekeninge by die teks gevoeg, waarin hy variante aangee uit die Complutensiese teks en 15 MSS wat tot sy beskikking was.

Die 15 MSS wat Stephanus as marginale variante aangedui het, was Codex Bezae (Cantabrigiensis), Codex Regius (Parisiensis),¹⁾ Cod. Angelicus, MSS 5,6,7,8,9,7^(a),8^(a),9^(a),10^(a),2^(r),3^(r),38 en 120.²⁾ Hierdie MSS is almal van die laat Bisantynse tekstipe en gevolglik van weinige betekenis³⁾, met uitsondering van Codex Bezae en Codex Regius wat onderskeidelik van Westerse en Alexandryne afkoms is. Aangesien die variante van dié MSS slegs tot kant-aantekeninge beperk was, het dit min bygedra tot die verbetering van die teks. Greenlee se⁴⁾: "The Regia has basically the text of Erasmus of 1535, mo-

- 1) Kyk Hammond, C.E., op. cit., p.15 en Buffinga, N., Op. cit., p.139.
- 2) Kyk Scrivener, F.H.A., op. cit., vol.I, p.190-192, 284, 320.
- 3) Kyk Bylae 1, p.108, i.v.m. die waarde van die verskillende teksfamilies.
- 4) Greenlee, J.H., op. cit., p.71.

dified by the Complutensis and occasional readings from one or other of fifteen Paris manuscripts, in a mixture which will hardly ever be disentangled in detail." In die eerste uitgawe van Stephanus is daar slegs 9 plekke waar Stephanus se teks nie ooreenstem met óf die Complutensiese teks óf die teks van Erasmus nie, in die tweede uitgawe nog 3 en in die derde uitgawe n verdere 9 plekke.¹⁾ Streng gesproke het die 15 MSS dus slegs op 21 plekke die teks van Stephanus beïnvloed.

1.4 DIE UITGAWE VAN BEZA

Theodore Beza, die Franse Protestantse leier en geleerde, het 9 uitgawes van die Nuwe Testament in Grieks gepubliseer tussen 1565 en 1604, waarvan slegs die 4 uitgawes van 1565, 1582, 1588-9 en 1598 selfstandig was en die ander 5 bloot herdrukke was. Dit het bestaan uit die Griekse teks met aantekeninge en variante, sy eie Latynse vertaling en die Latynse Vulgaat van Hieronymus.

Beza se variante-aantekeninge kom uit lesings wat hy gekry het in MSS wat hyself veramel het en dié wat deur Henri Stephanus (Robert Estienne se seun) versamel is. Hiervan was die belangrikste MSS co=

1) Aldus Reuss, Bibliotheca Novi Testamenti Graeci, Brunsvigae, 1872, p.50,51,54, soos aangehaal deur Scrivener, F.H.A., op. cit., vol.II, p189, voetnoot 1.

dex Bezae en codex Claromontanus¹⁾, hoewel hy maar betreklik min daarvan gebruik gemaak het. Reuss²⁾ dui aan dat die 1565-uitgawe van Beza slegs 24 keer afwyk van die teks van Stephanus, 9 keer om terug te keer na die Complutensiese teks, 4 keer na die teks van Erasmus en 9 keer na nuwe lesings. In die 1582-uitgawe maak hy nog 14 veranderinge, in die 1588-uitgawe nog 5 en in die 1598-uitgawe n verdere 2. In totaal verskil die laaste uitgawe van Beza dus op 45 plekke van die teks van Stephanus³⁾ Vir die 2e druk het Beza ook gebruik gemaak van Oosterse vertalings, o.a. die Syriese en Arabiese⁴⁾. Hy het nie die Arabiese teks direk geraadpleeg nie, maar n vertaling daarvan in die Latyn deur Franciscus Junius gebruik en dit ook alleen van Handeling 1 en 2 Korinthiërs.

Net soos die uitgawe van Stephanus, verskil die uitgawe van Beza dus baie min van die teks van Erasmus, maar tog is Beza se uitgawes belangrik in dié opsig dat sy gesag as hervormer hierdie teksvorm by die Hervorming "gesanksioneer"het. Verder sê Metzger⁵⁾: "The importance of Beza 's work lies in the extent to which his editions tended to popularize and to stereotype the Textus Receptus."

- 1) Kyk Metzger, B.M., op. cit., p.105 en Buffinga, N., op. cit., p.140.
- 2) op. cit., p.85, aangehaal deur Scrivener, op. cit., p.193.
- 3) Scrivener, F.H.A., op. cit., vol.III, p.193, meen dat Reuss se syfers effens laer as die werklike is.
- 4) Aldus Buffinga, N., op. cit., p.140.
- 5) Metzger, B.M., op. cit., p.105.

1.5 DIE UITGAWE VAN DIE TEXTUS RECEPTUS


Die eerste massaproduksie van die Griekse Nuwe Testament is van stapel gestuur deur die twee broers Bonaventure en Abraham Elzevier, te Leiden, Nederland. Hulle het 7 uitgawes van die teks gemaak tussen 1624 en 1678, waarvan die tweede uitgawe (1633) groot aanhang geniet het en die standaardteks van Europa geword het. In die voorwoord tot hierdie uitgawe beroem die uitgewers hulle daarop dat selfs die geringste foute ("vel minutissimae mendae"¹⁾) na hulle oordeel uitgeskakel is in hierdie uitgawe en verder sê hulle:²⁾ "Textum ergo habes, nunc ab omnibus receptum: in quo nihil immutatum aut corruptum damus." Op grond van lg. uitspraak is die benaming Textus Receptus daaraan verleen, en dit het inderwaarheid die aanvaarde Griekse teks van die Nuwe Testament gebly tot in die helfte van die 19e eeu.

Die Elzevier-uitgawe verskil weinig van die Stephanus-tekse. Inderwaarheid is dit 'n hersiening van die Stephanus-tekse met inagneming van die variante

- 1) Volgens aanhaling deur Buffinga, N., op. cit., p. 146.
- 2) Volgens aanhaling deur Scrivener, F.H.A., op. cit. vol.II, p.194.

van die teks van Beza¹⁾. Die omvang van hierdie hersiening was maar bitter klein en het slegs 150 verskille van die Stephanus-teks²⁾ tot gevolg gehad.

J.M.S. Baljon³⁾ het die volgende stamboom vir die teks van Elzevier saamgestel:



Elzevier se N.T. berus dus eintlik op die eerste uitgawes, nl. dié van Erasmus en in n mindere

- 1) Kenyon, op. cit., p.161. B.M. Metzger, op. cit., p.106 meen dat die Elzevier-uitgawe geneem is uit die 1565-uitgawe van Beza, wat inderwaarheid weinig verskil het van die Stephanus-teks.
- 2) Alford, H., The Greek Testament, 7e uitgawe, Deighton, Bell & Co., Cambridge, 1874.
- 3) Baljon, J.M.S., Geschiedenis van de boeken des Nieuwen verbonds.

mate dié van Kardinaal Ximenes. "De textus receptus vertoont dan ook de fouten der eerste uitgaven en is tekstkritisch lang niet zo hoog aan te slaan als de Elzeviers gebben gedaan."¹⁾

Die volle konsekwensies is dan dat dié vorm van teks wat as "receptus" aanvaar is, nie op streng wetenskaplike samestelling gebaseer was nie, maar gerus het op tekste wat in daardie tyd toevallig tot die beskikking van die redakteurs was. Gevoeliglik het dit in die algemeen n laat-Bisantynse karakter gedra²⁾ (een van die swak tekstipes), maar soms daarvan afgewyk. Soms is dit beter as die Bisantynse teks, soms verskil dit op grond van baie skraal getuienis en soms (veral in Openbaringe) sonder enige grond. Metzger stel dit so³⁾: ". . . its textual basis is essentially a handful of late and haphazardly collected minuscule manuscripts, and in a dozen passages its reading is supported by no known Greek witness."

2 DIE ONTSTAANSGESKIEDENIS VAN DIE NEDERLANDSE STATEBYBEL

Aan die begin van die 17e eeu was daar n hele

- 1) Buffinga, N., op. cit., p.147.
- 2) Aldus G.Zuntz, op. cit., p.26, is die Textus Receptus tot op hede beskou as die "standaard Bisantynse teks."
- 3) Metzger, B.M., op. cit., p.106.

aantal verskillende Nederlandse vertalings van die Bybel in omloop. Dit het verwarring onder die volk veroorsaak, met die gevolg dat die Sinode van Dordrecht, gehou in die jare 1618 en 1619, besluit het om 'n standaardvertaling van die Bybel daar te stel; uit die oorspronklike tale oorgesit, aangesien 'n nuwevertaling "uit den oorspronkelijken tekst niet elleen nuttig, maar ook buiten alle bedenking noodig is."¹⁾ Dié vertaling is later De Statenbijbel genoem, om erkenning te verleen aan die Nederlandse "Staten-Generaal"-owerheid, "als onder welckers autoriteyt ende beleyt dit werc is bij de handt genomen."²⁾

Tot vertalers van die Nuwe Testament is benoem: ds. Rolandus, Faukelius en Cornelii. Hulle is later vervang deur Festus Hommius, A. Walaeus en J. Hoinsius. Die opdrag van die Dortse sinode was "dat zij, zoo veel de klaerheid en de eigenschap onzer moedertale lyden kon bij den oorspronkelijken tekste blijven, en de manieren van spreken der Hebreewen en Grieken behouden moesten. Ware er ergens eene Hebreewsche of Grieksche spreekwijze die harder ware, dan dat ze in den tekst kon ingebracht worden, dat zij op den kant neerstig aanteekenen moesten . . . Eindelijk moesten zij, bij duistere plaetsen, korte verklaringen op den kant zetten, waerin reden van hunne over=

- 1) Volgens aanhaling deur Nienaber, P.J., op. cit., p.5.
- 2) Volgens aanhaling deur prof. F.W. Grosheide, "De theologie der Statenvertalers," De Statenvertaling, 1637-1937, De Erven F. Bohn N.V., Haarlem, 1937, p.147

zettinge gegee'n wierd."¹⁾

2.1 DIE VERTALING VAN JAN UTENHOVE (1556)

Een van die reeds bestaande Nederlandse vertalings is dikwels geraadpleeg by die vertaling van die Statebybel, nl. Het Nieuwe Testament dat is Het nieuwe Verbond onzes Heeren Jesu Christi, Na der Griekschen waerhey't in Nederlandsche sprake grondtlick end trauwlick overgezett,²⁾ van Jan Utenhove. Daarom is die vertaling van Utenhove van belang vir hierdie studie.

Vóór Utenhove se vertaling was vertalings van die Bybel in Nederlands uit ander vertalings gedoen, veral uit die Lutherse Bybel, maar Utenhove vertaal uit die Grieks. De Bruin³⁾ sê: "De voorloper⁴⁾ der Statenvertalers werkte op geheel moderne wijze, met die beste hulpmiddelen, die die wetenskap van zijn tijd te bieden had: te rade gaand met goede Latijnsche en verder Nederduitsche, Hooguitsche, Zwitserse, Fransche en Brabantsche vertalings baseerde hij zijn werk op den grondtekst in de uitgaven van Robert Stephanus." Die uitgawe van Stephanus wat Utenhove gevolg het, was die 1550-uitgawe. Die versindeling in die Utenhove-vertaling dui daarop dat hy ook die 1551-uitgawe van die Stephanus-tekst onder oë

1) Volgens aanhaling deur Nienaber, P.J., op. cit., p.5.

2) De Bruin, C.C., op. cit., p.224.

3) C.C. de Bruin, op. cit., p.226.

4) d.i. Utenhove.

moes gehad het. Van sy eie vertaling sê Utenhove¹⁾: "Wij hebben in onze vertaling het zuivere Schriftwoord bijna woord voor woord, voor zoover de Nederlandsche taal dat toeliet, gevolgd, ook in de samenstelling- en, waarin een bijzondere uitdrukkingskracht besloten licht." Die vertaling was so letterlik, dat dit vir enigiemand wat 'n kennis van Grieks dra, moontlik sou wees om 'n terugvertaling in Grieks te doen.

2.2 DIE GRONDTEKS VAN DIE STATEVERTALING

Ten opsigte van die grondteks wat die vertalers van die Statebybel vir die N.T. gevolg het, sê F.W. Grosheide²⁾: "Het is niet met volkomen zekerheid te zeggen, welke uitgaven van het Oude en Nieuwe Testament in de grondtalen onze Statenvertalers hebben gevolgd. Waarschijnlijk hebben ze zich niet aan een bepaalde uitgave gehouden, een onderzoek daarnaar kan hier niet ingesteld worden, Indien, wat als vermoeden werd uitgesproken, als juist wordt aangenomen, wijst dat zelf reeds in de richting van Beza." Die vermoede waarna Grosheide verwys, is dat die Bybelvertaling eintlik onder die reformatore steun geniet het, en dat altans enkele

1) C.C. de Bruin, op. cit., p.226.

2) Grosheide, F.W., op. cit., p.131.

van die Nederlandse vertalers leerlinge van Beza was. Dit is in elk geval bekend dat die hersieners van die Statevertaling vir die Nuwe Testament die 3e uitgawe van Beza (1588-9) geraadpleeg het. De Bruin¹⁾ spreek die oortuiging uit dat die 1588-9-uitgawe van Beza, uitgegee deur Henricus Stephanus, die Griekse teks was wat ook deur die vertalers self as basis gekies is vir die Statevertaling van die Nuwe Testament.

Daar word oor die werksmetode van die vertalers van die Nuwe Testament vertel dat elkeen van hulle eers die werk in sy geheel vertaal het, dan die drie vertalings met mekaar vergelyk en die beste na ryp oorleg daaruit gekies het. Vir dié doel het hulle in Rolandus se huis vergader, omdat daar die nodige boeke was, asook die verskillende uitgawes van die Griekse teks, en die beste vertalings wat reeds gemaak was. Dit blyk voorts dat die vertalers hulle nie slaafs gebind het aan die teks van Beza of aan sy tekskritiese aantekeninge nie. Dikwels kom daar ook lesings uit die uitgawes van Erasmus en Robertus Stephanus voor. Vir die vertaling het hulle bewoordingshulp en vertalingshulp gekry uit die Nederlandse vertaling van Utenhove en die Duitse vertaling van die Herbornse Hoogleraar Piscator²⁾. Die Herbornse vertaling van Piscator het slegs die woordkeuse van die Statevertaling beïnvloed en was dus slegs 'n "sekondêre bron."³⁾

1) De Bruin, C.C., op. cit., p.297.

2) Aldus De Bruin, C.C., op. cit., p.131.

3) Vergelyk Grosheide, F.W., op. cit., p.131.

Samevattend blyk dit dan dat verskeie uitgawes van die Griekse teks ten grondslag van die Nuwe Testament van die Nederlandse Statebybel kon gelê het, maar dat dit heel waarskynlik dié van Beza was. Verder blyk dit chronologies onmoontlik te wees dat die Textus Receptus gevolg is, soos die vertalers van die Afrikaanse Bybel aanvaar het.¹⁾ In Oktober 1627 het die Statevertalers met die vertaling van die Nuwe Testament begin en in November 1634 was dit gereed om aan die hersieners voor te lê.²⁾ Die Textus Receptus het daarenteen eers in 1633, d.i. die jaar voor die voltooiing van die Statevertaling, verskyn! Dit was derhalwe slegs tot die beskikking van die hersieners - en die hersieners het immers die teks van Beza geraadpleeg.³⁾ Dit was onwaarskynlik dat die vertalers, wat in hoofsaak uit die reformasie gekom het, die Roomse uitgawe van kardinaal Ximenes sou gevolg het. Hulle sou veel eerder die uitgawe van die hervormer Beza gevolg het. Derhalwe het die uitgawes van Stephanus (via die vertaling van Utenhove) as sekondêre basis en van Beza as grondteks vir die Statevertaling van die Nuwe Testament gedien.

1) Kyk Hoofstuk I, 3.1, p.17 en 3.1.1.2, p.23.

2) Kyk De Bruin, C.C., op. cit., p.286-287 en p.291 i.v.m. hierdie datums.

3) Kyk Grosheide, F.W., op. cit., p.131 en Nienaber, P.J., op. cit., p.9.

HOOFSTUK III

DIE KARAKTER EN WAARDE VAN DIE BRONNE VAN DIE NUWE TESTAMENT IN AFRIKAANS (1933-VERTALING)

Die waarde of die onwaarde van 'n teks hang af van die mate van noukeurigheid waarmee die samestelling plaasgevind het en die mate van ooreenstemming met die oorspronklike teks. In hoofstuk II is die haas en die onverskilligheid behandel waarmee die tekste van Erasmus, Stephanus, Beza en Elzevier onderskeidelik saamgestel is. Om vervolgens te bepaal in watter mate die betrokke tekste ooreenstem met die oorspronklike teks, is dit noodsaaklik om die waarde van die MSS wat as teksgetuïenisse daartoe gedien het, vas te stel.


1 DIE MSS WAT TEN GRONDSLAG LÊ AAN DIE BRONNE WAARUIT DIE AFRIKAANSE BYBEL VER=TAAL IS

Uit die historiese agtergrond van die Bronne waaruit die Nuwe Testament in Afrikaans vertaal is, het dit geblyk dat die Textus Receptus gegrond was op die tekste van Erasmus, Stephanus, Beza en die Complutensiese teks en dat die Nederlandse State=

bybel vertaal is uit die tekste van Stephanus en Beza.¹⁾

Die volledige stamboom van die Textus Receptus sien soos volg daar uit:


STAMBOOM VAN DIE TEXTUS RECEPTUS



1) Soos aangetoon in Hoofstuk II, p.55-62.

Die volledige stamboom van die Nederlandse Statevertaling sien soos volg daar uit:

STAMBOOM VAN DIE NEDERLANDSE STATEVERTALING



Volgens dié twee skematiese voorstellings lê slegs die volgende MSS ten grondslag aan die Textus Receptus en die Nederlandse Statevertaling; gevolglik ook aan die Afrikaanse vertaling:

1.1 PRIMÊRE GETUIENIS

(1) MS 2 is deur Erasmus gekies as basis vir die Evangelies. MS 2 is n laat-Bisantynse minuskel-eksemplaar uit die 12e eeu en word bewaar in die Baselse Universiteitsbiblioteek. Erasmus het oral korreksies aangebring vir die doeleindes van sy sa-

mestelling¹⁾. Die teks vergelyk swak met die ouer MSS. Boonop is MS 2 baie onnoukeurig afgeskryf. Dit verteenwoordig die teks wat algemeen in omloop was in die 12-15e eeu, maar heelwat weglatings, te wyte aan homoioteleuton, kom voor²⁾.

(2) MS 2^{ap}, n 13e of 14e eeuse minuskelmanuskrip, word bewaar in die Universiteitsbiblioteek te Basel. Erasmus het hierdie eksemplaar gebruik as teksgetuie= nis tot die teks van Handelingte en die Sendbriewe. Hy het MS 2^{ap} geleen van Amerbach, n Baselse drukker, in wie se besit dit destyds was. Kenyon sê³⁾ van dié manuskrip: "(It is) a fifteenth-century copy of the Byzantine text in its latest form."

(3) MS 1^r is die MS wat Erasmus geleen het van sy vriend Reuchlin as getuie nis vir die teks van Openbaringe. MS 1^r is n Bisantynse MS wat bewaar word in Mayhingen, Bavarië, in die biblioteek van Oettingen-Wallerstein. Dié eksemplaar is heelwat beskadig en onvolledig (Openb. 22:16-21 ontbreek). Die meegaande Griekse kommentaar van Andreas van Caesarea is boonop onherkenbaar vermeng met die Griekse teks, sodat dit maklik aanleiding gee tot interpolasies. In verband met die tekstipe sê dr. Hort:⁴⁾ "It is by no means an average cursive of

1) Volgens n beskrywing deur Scrivener, F.H.A., op. cit., vol.I, p.191.

2) Kyk Tarelli, C.C., op. cit., p.44.

3) Kenyon, Sir Frederic, op. cit., p.218.

4) Soos aangehaal deur Scrivener, F.H.A., op. cit., vol.I, p.320.

the common sort. On the one hand it has many individualisms and readings with small and evidently unimportant attestation: on the other it has a large and good ancient element, . . . and ought certainly (with the somewhat similar 38) to stand high among secondary documents."

1.2 SEKONDÊRE GETUIENIS

(4) MS 1 was die beste teksgetuienis wat Erasmus tot sy beskikking gehad het. Dit is 'n 13e eeuse Caesareaanse MS in kodeksvorm gebind wat in Basel is. MS 1 is baie noukeurig oorgeskryf in 'n duidelike handskrif met volledige spirasie- en aksenttekens. Lesings van Codd. X B, BL en van minusculi 118, 131 en 209 kom dikwels voor, maar dit toon 'n nou verwantskap aan Cod. Koridethi, 'n unciaal-MS met tipiese kenmerke van die Bisantynse teks in die Evangelies van Mattheüs, Lukas en Johannes. MS 1 is dus 'n swak Caesareaanse teks.

(5) MS 4^{ap}: Dit is 'n Bisantynse minuskel-MS wat dateer uit die 15e eeu en in Basel bewaar word. Dit is swak afgeskryf deur meer as een skrywer wat baie gebruik maak van afkortings.

(6) MS 7^p het dikwels as getuienis gedien vir lesings wat Erasmus in die briewe weergee. Hierdie eksemplaar is 'n Bisantynse minuskel-MS gebind in 'n kodeks wat in Basel is. Die kantaantekeninge is baie mooi en duidelik geskryf.

(7) MS 61, ook bekend as Cod. Montforianus, is 'n

minuskel-MS wat dateer uit die 15e of 16e eeu en wat by die Trinity College in Dublin is. Hierdie MS het gedien as getuigenis vir die invoeging van die sg. Comma Johanneum in die teks van Erasmus. MS 61 is die enigste bekende Griekse MS wat hierdie gedeelte ondersteun en daar is heelwat rede om te vermoed dat dit spesiaal vervaardig is met die doel om Erasmus te oortuig. MS 61 bevat die hele Nuwe Testament, blykbaar geskryf deur 3 of 4 verskillende skrywers, op papier. Slegs een bladsy van dié eksemplaar is geglasuur, dié een waarop 1 Joh. 5:7-8 voorkom, sodat dit dan nie beskadig sou word nie. Hierdie MS het juis na vore gekom tussen 1519 en 1522, toe die dispuut oor die Comma Johanneum aan die gang was en n bewys vir die outensiteit daarvan nodig was¹⁾. Al hierdie gegewens veroorsaak groot twyfel oor die outensiteit van MS 61.

(8) Codex Bezae is van die Westerse tekstipe en ten spyte van die ouderdom daarvan (5e of 6e eeu) besit dit relatief min waarde, veral aangesien dit n besondere affiniteit het vir die tipies Westerse lang lesings. Die teks van Handeling in Cod. Bezae is n tiende langer as dié van die betroubare MSS. Tog dra dit baie gewig waar dit n korter lesing bied. In verband met die teks sê Scrivener:

"The internal character of the Codex Bezae is a most difficult and indeed an almost inexhaustible theme. No known manuscript contains so many

- 1) Soos beskryf deur Scrivener, F.H.A., op. cit., vol.I, p.199-200.
- 2) Scrivener, *ibid.*, vol.I, p.130.

bold and extensive interpolations (six hundred, it is said, in Acts alone), countenanced, where they are not absolutely unsupported, chiefly by the Old Latin and the Curetonian version . . . " Cod. Bezae word bewaar in die Universiteitsbiblioteek, Cambridge.

(9) Codex Claromontanus (D^P) dateer uit die 6e eeu en gee n Latynse teks langs die Grieks. Dit is nou verwant aan Codex Bezae en die kenmerkende lang lesings van die Westerse tekstipe kom ook hierin voor. Codex Claromontanus is n pragtig versorgde uitgawe op fyn vellynblaaie - dit is in die Koninklike Biblioteek in Parys.

(10) Codex Regius is saam met 14 ander MSS opgeneem in die marginale variante van die 3e uitgawe van Stephanus. Codex Regius is geskryf op dik vellynblaaie, dateer uit die 8e eeu en word bewaar in die Koninklike Biblioteek in Parys. Hoewel die teks in groot, lelike unciaalletters geskryf is en dikwels onnoukeurig is, veral t.o.v. aksenttekens en punktuasie, lewer dit die beste Alexandrynse teks van sy tyd en vertoon sterk ooreenkomste met Cod.B.

(11) MSS 5 (12e eeu of later), 6 (11e eeu of later), 7 (11e eeu), 8 (11e eeu), 9 (A.D. 1167), 7^a (10e eeu of later), 8^a (verlore), 9^a (11e eeu), 10^a (10e eeu), 2^r (10e eeu), 3^r (verlore), 38 (13e eeu) en 120 (13e eeu) is almal opgeneem in die marginale variante van Stephanus se derde uitgawe. Almal is van die swak laat-Bisantynse tekstipe wat vir die tekskritiek van relatief min waarde is¹⁾ en gevolglik

1) Greenlee, J.H., op. cit., p.71 en Buffinga, N., op. cit., p.139.

feitlik geen, indien enige, bydrae kon lewer tot die verbetering van die Textus Receptus.

(12) Uit die Latynse Vulgaat van Hieronymus het Erasmus verskeie vertalings na Grieks gemaak waar sy MSS onvolledig was. Bo en behalwe die onbetroubaarheid van die resultaat van so n vertaling, steun die Vulgaat self op redelik onbetroubare teksgetuïenisse. In 382 n.C. het Hieronymus die Latynse Vulgaat saamgestel uit die veelvuldige Oud-Latynse vertalings wat in omloop was. Hierdie vertalings was in hoofsaak gegrond op MSS van die Westerse tekste¹⁾. Hier en daar het Hieronymus die Westerse lesings verbeter met lesings uit Alexandrynse MSS, maar dit is te betwyfel of dit enige invloed kon hê op die finale vorm van die Textus Receptus.

(13) Die Ou Siriese en Arabiese vertalings wat Beza geraadpleeg het, is van Westerse afkoms²⁾ en gevolglik sonder veel positiewe invloed.

2. DIE ALGEMENE KARAKTER EN WAARDE VAN DIE BRONNE WAARUIT DIE NUWE TESTAMENT IN AFRIKAANS VERTAAL IS

Die Textus Receptus en die Nederlandse Statevertaling, d.i. die bronne waaruit die Nuwe Testament in Afrikaans vertaal is, dra dus nie soveel ge-

1) Metzger, B.M., op. cit., p.67.

2) Metzger, B.M., op. cit., p.67.

sag nie, op grond van hulle swak teksgetuienisse. Feitlik al die MSS waarop die Textus Receptus gebaseer is en die bronne waaruit die Statevertaling gedoen is, behoort aan die onbetroubare laat-Bisantynse tekstipe. Codex Regius, wat (hoewel onnaukeurig) 'n MS van die hoog aangeskrewe Alexandrynse tekstipe is, het slegs as sekondêre getuienis gedien, en so ook al die ander meer betroubare MSS, nl. MS 1 (van die Caesareaanse tekstipe) en Codex Bezae, Codex Claromontanus, die Oud-Latynse, Siriese en Arabiese vertalings, wat almal aan die Westerse teksfamilie behoort.²⁾

Tegnies-krities kan die bronne waaruit die Nuwe Testament in Afrikaans vertaal is dus as 'n swak teks beskou word. Ten opsigte van die T.R. (en wat vir die T.R. geld, geld ook vir die Statevertaling, want beide het dieselfde wortels, sê Kenyon¹⁾):

"It will be obvious from (the history) how little likelihood there was that it would be a really accurate representation of the original language For 1400 years the New Testament had been handed down in manuscript, copy being taken from copy in a long succession through the centuries, each copy multiplying and spreading errors (slight indeed, but not unimportant in the mass) . . . yet when the great invention of printing took place, and the words of the Bible could at last be stereotyped, as it were, beyond the reach of human error the first printed text was made from a mere handful of manuscripts,

1) Kenyon, Sir Frederic, op. cit., p.162.

2) Kyk Bylae II, p.110, i.v.m. die teksfamilies.

and those some of the latest and least trustworthy that existed." Buffinga verklaar¹⁾:

"De textus receptus vertoont dan ook de fouten der eerste uitgaven en is tekst-critisch lang niet zo hoog aan te slaan als de Elzeviers hebben gedaan. Hij is niet alleen een te getrouwe navolging van die eerste uitgaven van het N.T., maar berust ook verder nog op onvoldoende bestudering van latere handschriften. Tot schade van de wetenschap is deze tekst dan ook zo algemeen verspreid en gebruikt geworden."

Ook Hammond lewer kritiek²⁾: ". . . our Textus Receptus is based upon a very few manuscripts, . . . a number of various readings . . . were only placed in the margin, and were not used in reconstructing the text." Hy wys verder daarop dat Erasmus, Stephanus en Beza nogtans krediet moet ontvang vir hulle pionierswerk, al het hulle nie naby die wetenskaplike vlak van die hedendaagse kritici gekom nie.

Uit teologies-praktiese oogpunt beskou is die bronne waaruit die Nuwe Testament in Afrikaans vertaal is betroubaar en kan die Afrikaanse Bybel nie as swak beskou word nie. Die woordverskil van die wetenskaplik betroubare teks is wel groot, maar die saakverskil is min. Nogtans is dit die taak van die Christen om toe te sien dat niks "by hierdie

1) Buffinga, N., op. cit., p.147.

2) Hammond, op. cit., p.15-16.

dinge bygevoeg" word en niks "van die woorde van hierdie profesie weggelaat" word nie¹⁾. Greenlee spreek hom soos volg uit²⁾: "The T.R. is not a 'bad' or a misleading text, either theologically or practically. Technically, however, it is far from the original text. Yet three centuries were to pass before scholars had won the struggle to replace this hastily-assembled text by a text which gave evidence of being closer to the N.T. autographs."

3 WAARDEBEPALING VAN ENKELE TEKSGEDEELTES UIT DIE VERSKILLENDE UITGAWES VAN DIE NUWE TESTAMENT IN GRIEKS

Ter illustrasie van die vorige gedeeltes van hierdie hoofstuk, word hier enkele teksgedeeltes uit die uitgawes van Erasmus, Stephanus, Elzevier (Textus Receptus), die Statevertaling en die huidige Afrikaanse vertaling langs mekaar geplaas om d.m.v. vergelyking n waardebe-paling van elkeen te maak. Om aansluiting te vind by die nuwe Afrikaanse vertaling, word ook die teksuitgawe van Westcott & Hort en die U.B.S.-uitgawe van Aland hierby gegee.

Die teksgedeeltes wat met mekaar vergelyk word, is Luk. 5:29; Hand. 2:8-11; Luk. 12:18; Mk. 1:27; Matth. 6:13; 1 Joh. 5:7-8; Openb. 22:16-21.

1) Vergelyk Openbaring 22:18,19.

2) Greenlee, J.H., op. cit., p.72.

(1) Luk. 5:29¹⁾

Erasmus, Stephanus en die Textus Receptus gee die lesing ὄχλος τελωνῶν πολὺς, n lesing wat deur die meeste Bisantynse MSS ondersteun word.²⁾ Westcott & Hort en Aland vervang dit met ὄχλος πολὺς τελωνῶν in navolging van X, B, C, D, L, R, W en Kilpatrick meen dat die Bisantynse lesing in hierdie geval tog besondere aandag verdien, omdat ὄχλος τελωνῶν πολὺς n tipies Semitiese woordorde is, d.w.s. dit is n ongewone lesing en daarom waarskynlik die oorspronklike lesing³⁾. As in gedagte gehou word dat juis die Bisantynse teks onderworpe was aan aanpassings t.g.v. Klassieke taalgebruik en die "gladde lesings", lyk dit of tipies Semitiese vorme in Bisantynse MSS wel oorblyfsels van ouer lesings kan wees, maar Kilpatrick erken self dat daar nie genoegsame bewyse is om die gesag van die Bisantynse lesing bo dié van die betrokke Alexandrynse MSS te stel nie. Hoewel die lesing van Westcott & Hort en Aland in hierdie gedeelte op beter getuienis steun, is die lesing van Erasmus, Stephanus en die T.R. nie noodwendig "korrup" nie.

1) Kyk tabel A, p.75.

2) Kyk Kilpatrick, G.D., "The Greek New Testament text of today and the textus receptus," The NT in historical and contemporary perspective, opgedra aan Macgregor, G.H.C., Blackwell, Oxford, 1965, p.197.

3) Kilpatrick, G.D., op. cit., p.197.

TABEL A

<p>1. Erasmus (1522):</p> <p>α β 29 ἀνάστās ἠκολούθησεν αὐτῷ. Καὶ ἐποίησε δοχὴν μεγάλην Λευίς αὐτῷ ἐν τῇ οἰκίᾳ αὐτοῦ, καὶ ἦν ὄχλος τελωνῶν πολλός, 30 καὶ ἄλλων, οἱ ἦσαν μετ' αὐτῶν κατακείμενοι.</p>	
<p>2. Stephanus (1550):</p> <p>λθ β 29 ἀναστās ἠκολούθησεν¹² αὐτῷ. Καὶ ἐποίησε³ δοχὴν β μεγάλην ὁ¹³ Λευίς¹⁴ αὐτῷ ἐν τῇ οἰκίᾳ αὐτοῦ· καὶ ἦν ὄχλος τελωνῶν πολλός¹⁵, καὶ ἄλλων οἱ ἦσαν μετ' αὐτῶν¹⁶ 30 κατακείμενοι.</p>	<p>3. Receptus:</p> <p>29 Καὶ ἐποίησε δοχὴν μεγάλην ὁ Λευίς αὐτῷ ἐν τῇ οἰκίᾳ αὐτοῦ· καὶ ἦν ὄχλος τελωνῶν πολλός, καὶ ἄλλων οἱ ἦσαν 30 μετ' αὐτῶν κατακείμενοι. καὶ ἐγόγ-</p>
<p>4. Statevertaling:</p> <p>29 En Levi rigtte hem eenen grooten maaltijd aan in zijn huis; en [en] was eene groote schare van tollenaars, en van anderen, die met hen aanzaten.</p>	
<p>5. Afrikaans (1933)</p> <p>29 En Levi het 'n groot feesmaal vir Hom in sy huis gegee; en daar was 'n groot menigte van tollenaars en ander wat saam met hulle aan tafel was.</p>	<p>6. Westcott & Hort:</p> <p>λούθει αὐτῷ. Καὶ ἐποίησεν δοχὴν μεγάλην Λευίς αὐτῷ 29 ἐν τῇ οἰκίᾳ αὐτοῦ· καὶ ἦν ὄχλος πολλός τελωνῶν καὶ ἄλλων οἱ ἦσαν μετ' αὐτῶν κατακείμενοι.</p>
<p>7. Aland:</p> <p>ἠκολούθει αὐτῷ. 29 Καὶ ἐποίησεν δοχὴν μεγάλην Λευίς αὐτῷ ἐν τῇ οἰκίᾳ αὐτοῦ· καὶ ἦν ὄχλος πολλός τελωνῶν καὶ ἄλλων οἱ ἦσαν μετ' αὐτῶν κατακείμενοι.</p>	

Soos in die Nederlandse en Afrikaanse vertalings gesien kan word, het hierdie variante lesing geen betekenisverskil tot gevolg nie, wat die geval is met die meerderheid van die teksvariante van die Nuwe Testament.

(2) Hand. 2:8-11¹⁾

Hierdie teksgedeelte vertoon interessante verskille t.o.v. leestekens. Omdat die vroeë unciaal-MSS selde gebruik gemaak het van leestekens, is dit nie moontlik om 'n "oorspronklike puntuasie" van die Griekse teks op te spoor nie en is invoeging van leestekens alreeds 'n vorm van teksinterpretasie. Westcott & Hort en Aland stem ooreen met Erasmus deur 'n vraagteken aan die einde van vers 8, 'n komma na "Αραβες" in vers 11 en 'n punt aan die einde van vers 11 te plaas. Hierin stem hulle ook ooreen met die Authorized Version en die Lutherse vertaling.²⁾ In Stephanus se teks ontbreek die komma na "Αραβες" in vers 11, sonder enige ondersteuning van ander uitgawes en dit is waarskynlik 'n drukfout. Die Textus Receptus het die 3 genoemde plekke verander na onderskeidelik 'n komma, 'n komma en 'n vraagteken, en hierin staan dit alleen onder die uitgawes van sy tyd.

Veral interessant is die feit dat die Statever=

1) Kyk Tabel B, p.77-78.

2) Aland, K., The Greek New Testament, United Bible Societies, Stuttgart, 1968, p.420, voetnoot.

1. Erasmus (1522):

8 Ἐτεῖ εἶναι οἱ καλῶντες Γαλιλαῖοι; Καὶ πῶς ἡμεῖς ἀκού-
 9 μιν ἕκαστος τῆ ἰδίῃ διαλέκτῳ ἡμῶν, ἐν ᾗ ἐγεννήθημεν;
 10 Πάρθοι καὶ Μῆδοι καὶ Ἐλαμίται, καὶ οἱ κατοικῶντες
 τὴν Μεσοποταμίαν, Ἰουδαίαν τε καὶ Καππαδοκίαν, Πόν-
 11 τον καὶ τὴν Ἀσίαν, Φρυγίαν τε καὶ Παμφυλίαν,
 Αἴγυπτον καὶ τὰ μέρη τῆς Λιβύης τῆς κατὰ Κυρήνην,
 καὶ οἱ ἐπιδημῶντες Ῥωμαῖοι, Ἰουδαῖοι τε καὶ Προσή-
 12 λυτοὶ, Κρήτες καὶ Ἀραβες, ἀκούομεν λαλῶντων αὐτῶν ταῖς
 ἡμετέραις γλώσσαις τὰ μεγαλεῖα τοῦ Θεοῦ. Ἐξίσαντο

2. Stephanus (1550):

εἶναι οἱ λαλοῦντες Ἐλαμίται; καὶ πῶς ἡμεῖς ἀκού- 8
 ομεν ἕκαστος τῆ ἰδίᾳ διαλέκτῳ ἡμῶν ἐν ᾗ ἐγεννήθη-
 9 μεν; Πάρθοι καὶ Ἰουδαῖοι καὶ Ἐλαμίται, καὶ οἱ κατοί-
 κούντες τὴν Μεσοποταμίαν, Ἰουδαίαν τε καὶ Καπ-
 10 παιο ποδοκίαν, Πόντον καὶ τὴν Ἀσίαν, Φρυγίαν τε καὶ
 Παμφυλίαν, Αἴγυπτον καὶ τὰ μέρη τῆς Λιβύης τῆς
 11 κατὰ Κυρήνην, καὶ οἱ ἐπιδημῶντες Ῥωμαῖοι, Ἰου-
 12 δαῖοι τε καὶ προσηλύτοι, Κρήτες καὶ Ἀραβες ἀκού-
 ομεν λαλοῦντων αὐτῶν ταῖς ἡμετέραις γλώσσαις τὰ
 μεγαλεῖα τοῦ Θεοῦ." Ἐξίσταντο δὲ πάντες καὶ διη-

3. Receptus:

Γαλιλαῖοι; καὶ πῶς ἡμεῖς ἀκούομεν 8
 ἕκαστος τῆ ἰδίᾳ διαλέκτῳ ἡμῶν ἐν
 ᾗ ἐγεννήθημεν, Πάρθοι καὶ Μῆδοι 9
 καὶ Ἐλαμίται, καὶ οἱ κατοικοῦντες
 τὴν Μεσοποταμίαν, Ἰουδαίαν τε καὶ
 Καππαδοκίαν, Πόντον καὶ τὴν Ἀσίαν,
 Φρυγίαν τε καὶ Παμφυλίαν, Αἴγυπτον 10
 καὶ τὰ μέρη τῆς Λιβύης τῆς κατὰ
 Κυρήνην, καὶ οἱ ἐπιδημῶντες Ῥω-
 11 μαῖοι, Ἰουδαῖοι τε καὶ προσηλύτοι,
 Κρήτες καὶ Ἀραβες, ἀκούομεν λα-
 12 λούντων αὐτῶν ταῖς ἡμετέραις γλώσ-
 σαις τὰ μεγαλεῖα τοῦ Θεοῦ; ἐξίσταν- 12

4. Statevertaling:

8 En hoe hooren wij hen, een iegelijk in onze eigene taal, in welke wij geboren zijn?

9 Parthers, en Meders, en Elamieten, en die inwoners zijn van Mesopotamië, en Judea, en Kappadocië, Pontus, en Azië,

10 En Phrygië, en Pamphylië, Egypte, en de deelen van Libyë, hetwelk bij Cyrene [ligt], en uitlandsche Romeinen, beide Joden en Jodengenooten,

11 Kretensen en Arabieren, wij hooren hen in onze talen de groote werken Gods spreken.

TABEL B (vervolg)

<p>5. Afrikaans (1933)</p> <p>8 En hoe hoor ons hulle, elkeen in ons eie taal waarin ons gebore is? 9 Parthers en Meders en Elamiete en die inwoners van Mesopotamië, Judëa en Kappadacië, Pontus en Asië, 10 Frigië en Pamfilië, Egipte en die streke van Libië by Cirëne, en Romeine wat hier vertoef, Jode en Jodegenote, 11 Kretense en Arabiere—ons hoor hulle in ons eie taal oor die groot dade van God spreek.</p>	<p>6. Westcott & Hort:</p> <p>8 οδοί εἰσιν οἱ λαλοῦντες Γαλιλαῖοι; καὶ πῶς ἡμεῖς ἀκούομεν ἕκαστος τῇ ἰδίᾳ διαλέκτῳ ἡμῶν ἐν ᾗ ἐγεννήθημεν; 9 Πάρθοι καὶ Μῆδοι καὶ Ἐλαμίται, καὶ οἱ κατοικοῦντες τὴν Μεσοποταμίαν, Ἰουδαίαν τε καὶ Καππαδοκίαν, Πόντον καὶ τὴν Ἀσίαν, Φρυγίαν τε καὶ Παμφυλίαν, Αἴγυπτον καὶ τὰ μέρη τῆς Λιβύης τῆς κατὰ Κυρήνην, καὶ οἱ ἐπιδημοῦντες 11 Ῥωμαῖοι, Ἰουδαῖοί τε καὶ προσήλυτοι, Κρήτες καὶ Ἀραβες, ἀκούομεν λαλούντων αὐτῶν ταῖς ἡμετέραις γλώσσαις τὰ μεγαλεῖα τοῦ θεοῦ. ἐξίσταντο δὲ πάντες καὶ διηποροῦντο,</p>
<p>7. Aland:</p> <p>Γαλιλαῖοι; 8 καὶ πῶς ἡμεῖς ἀκούομεν ἕκαστος τῇ ἰδίᾳ διαλέκτῳ ἡμῶν ἐν ᾗ ἐγεννήθημεν;^a 9 Πάρθοι καὶ Μῆδοι καὶ Ἐλαμίται, καὶ οἱ κατοικοῦντες τὴν Μεσοποταμίαν, Ἰουδαίαν τε καὶ Καππαδοκίαν, Πόντον καὶ τὴν Ἀσίαν, 10 Φρυγίαν τε καὶ Παμφυλίαν, Αἴγυπτον καὶ τὰ μέρη τῆς Λιβύης τῆς κατὰ Κυρήνην, καὶ οἱ ἐπιδημοῦντες Ῥωμαῖοι, 11^b Ἰουδαῖοί τε καὶ προσήλυτοι, ^cΚρήτες καὶ Ἀραβες,^a ἀκούομεν λαλούντων αὐτῶν ταῖς ἡμετέραις γλώσσαις τὰ μεγαλεῖα τοῦ θεοῦ.^a 12 ἐξίσταντο δὲ πάντες</p>	

taling nie die punktuasie van die Textus Receptus volg nie - dit ondersteun die vermoede dat die Textus Receptus nie die grondteks van die Statevertaling was nie. Die Afrikaanse vertaling het ook van die punktuasie van die Textus Receptus afgewyk t.g.v. die Statevertaling, terwyl die vertalers blykbaar ook die Duitse vertaling (Zürich) onder oë gehad het - daarom die aandagstreep i.p.v. die komma na Ἀπαθεῖς in vers 11¹⁾.

Die verskil in die indeling van verse 10 en 11 is opvallend. Westcott & Hort en Aland wyk af van die indeling van Stephanus, saam met die ander onlangse uitgawes, nl. dié van Bover, Nestle, New English Bible en A Translation for Translators, in ooreenstemming met die Lutherse vertaling²⁾.

(3) Luk. 12:18³⁾

Die verskillende weergawes van hierdie teksge-deelte vertoon 'n woordverskil wat, hoewel dit 'n betekenisverskil meebring, geen saakverskil inhou nie. Erasmus, Stephanus en Elzevier gee die lesing τὰ γεννητά μου καὶ τὰ ἀγαθά μου soos dit voorkom in die meeste Bisantynse minuskel-MSS en in die unciale A, Y, H, E, F, G, H, S, V en Ω ook van Bisantynse oorsprong en derhalwe van relatief min waarde. Erasmus se teks varieer nog verder deur die spelling γεννητά. Westcott & Hort en Aland volg die lesing van p⁴⁵,

1) Kyk Aland, Kurt, The Greek New Testament, p.420.

2) Kyk Aland, Kurt The Greek New Testament, p.420.

3) Kyk Tabel C, p.80.

TABEL C

<p>1. Erasmus (1522):</p> <p>18 ποιήσω, ὅτι ἔκ ἔχω πᾶ συνάξω τὰς καρπῶς μου; Καὶ εἶπε, Τοῦτο ποιήσω καθελῶ μου τὰς ἀποθήκας, καὶ μείζονας οἰκοδομήσω, καὶ συνάξω ἐκεῖ πάντα τὰ γεννη- 19 ματά μου, καὶ τὰ ἀγαθὰ μου, Καὶ ἐρῶ τῇ ψυχῇ μου,</p>	
<p>2. Stephanus (1550):</p> <p>18 καρπούς μου; καὶ εἶπε, Τοῦτο ποιήσω καθελῶ μου τὰς ἀποθήκας, καὶ μείζονας οἰκοδομήσω, καὶ συνάξω 19 ἐκεῖ πάντα τὰ γενήματά μου, καὶ τὰ ἀγαθὰ μου, καὶ</p>	<p>3. Receptus:</p> <p>τοῦ συνάξω τοὺς καρπούς μου; καὶ 18 εἶπε, Τοῦτο ποιήσω καθελῶ μου τὰς ἀποθήκας, καὶ μείζονας οἰκοδομήσω, καὶ συνάξω ἐκεῖ πάντα τὰ γεννηματά μου καὶ τὰ ἀγαθὰ μου, καὶ ἐρῶ τῇ 19</p>
<p>4. Statevertaling:</p> <p>18 En hij zeide: Dit zal ik doen: ik zal mijne schuren afbreken, en grootere bouwen, en zal aldaar verzamelen al dit mijn gewas, en deze mijne goederen;</p>	
<p>5. Afrikaans (1933)</p> <p>18 Toe sê hy: Dit sal ek doen: ek sal my skure afbreek en groter bou, en ek sal daar al my opbrengste en my goed insamel.</p>	<p>6. Westcott & Hort:</p> <p>18 τοῦ συνάξω τοὺς καρπούς μου; καὶ εἶπεν· Τοῦτο ποιήσω καθελῶ μου τὰς ἀποθήκας καὶ μείζονας οἰκοδομήσω, καὶ 19 συνάξω ἐκεῖ πάντα τὸν σῖτον καὶ τὰ ἀγαθὰ μου, καὶ</p>
<p>7. Aland:</p> <p>ποῦ συνάξω τοὺς καρπούς μου; 18 καὶ εἶπεν, Τοῦτο ποιήσω καθελῶ μου τὰς ἀποθήκας καὶ μείζονας οἰκοδομήσω, καὶ συνάξω ἐκεῖ πάντα τὸν σῖτον καὶ τὰ ἀγαθὰ μου, 19 καὶ ἐρῶ τῇ ψυχῇ μου, Ψυχῇ, ἔχεις πολλὰ</p>	

B, L, T, en W, nl. τὸν σίτον καὶ τὰ ἀγαθά μου. p⁴⁵,
B en L is Alexandrynse MSS en T en W Caesareaans.
Westcott & Hort en Aland se lesing steun dus op meer
betroubare teksgetuïenisse. Kilpatrick¹⁾ wys daar=
op dat Codd. X en D juis in dié gedeelte a.g.v. ho=
moioteleuton (ΑΜΟΥΚΑΙ/ΑΜΟΥΚΑΙ) die variante lesing
van slegs τὰ γενήματά μου καὶ gee.

Vir die vertaling van dié gedeelte sal die teks
van Aland die Afrikaanse woord graan oplewer, wat na
inhoud nie n belangrike verskil is van die huidige
opbrengste nie.

(4) Mk. 1:27²⁾

In hierdie teksgedeelte steun die lesing van
Erasmus, Stephanus en Elzevier op n groot aantal
teksgetuïenisse, maar almal van Bisantynse oorsprong,
nl. C, K, Δ, Π, 28^c, 565^c, 892, 1009, 1010, 1079,
1195, 1216, 1230, 1241, 1242, 1253, 1344, 1365,
1546, 1646, 2148 en 2174.³⁾ Kilpatrick⁴⁾ meen dat
die woorde ἡ διδαχὴ ἡ καινὴ αὕτη nog n oorgeblewe
Semitiese lesing is en daarom van besondere waarde,
maar Metzger⁵⁾ wys daarop dat die kort lesing (δι=
δαχὴ καινὴ) van Cod. X, Cod. B, en Cod. L, asook
MS 33, wat almal Alexandrynse tekste is;

- 1) Kilpatrick, G.D., op. cit., p.194.
- 2) Kyk Tabel D, p.82.
- 3) Aldus Aland, Kurt, The Greek New Testament,
p.121, voetnoot 9.
- 4) Kilpatrick, G.D., op. cit., p.194.
- 5) Metzger, B.M., A textual Commentary on the Greek
New Testament, United Bible Societies, Londen,
1971, p.75.

<p>1. Erasmus (1522):</p> <p>27 ἐξῆλθεν ἐξ αὐτῶ. Καὶ ἐθαμβήθησαν πάντες, ὥστε συζητεῖν πρὸς αὐτὸς, λέγοντας, Τί ἐστὶ τούτο; τίς ἡ διδασχὴ ἡ καινὴ αὕτη, ὅτι κατ' ἐξουσίαν καὶ τοῖς πνεύμασι τοῖς ἀκαθάρτοις ἐπιτάσσει, καὶ ὑπακούουσιν αὐτῷ;</p>	
<p>2. Stephanus (1550):</p> <p>27 θεν ἐξ¹³ αὐτοῦ. καὶ ἐθαμβήθησαν πάντες¹⁴, ὥστε συζητεῖν¹⁵ πρὸς¹⁶ αὐτοῦς¹⁷, λέγοντας, "Τί ἐστὶ τούτο; τίς ἡ διδασχὴ ἡ καινὴ αὕτη, ὅτι κατ' ἐξουσίαν¹⁸ καὶ τοῖς πνεύμασι τοῖς ἀκαθάρτοις ἐπιτάσσει, καὶ ὑπακούουσιν αὐτῷ;" Ἐξῆλθε δι' ¹⁹ ἡ ἀκοὴ αὐτοῦ εὐθύς²⁰</p>	<p>3. Receptus:</p> <p>27 λη, ἐξῆλθεν ἐξ αὐτοῦ. καὶ ἐθαμβήθησαν πάντες, ὥστε συζητεῖν πρὸς αὐτοῦς, λέγοντας, Τί ἐστὶ τούτο; τίς ἡ διδασχὴ ἡ καινὴ αὕτη, ὅτι κατ' ἐξουσίαν καὶ τοῖς πνεύμασι τοῖς ἀκαθάρτοις ἐπιτάσσει, καὶ ὑπακούουσιν αὐτῷ; Ἐξῆλθε. δὲ ἡ ἀκοή</p>
<p>4. Statevertaling:</p> <p>27 En zij werden allen verbaasd, zoodat zij onder elkander vraagden, zeggende: Wat is dit? wat nieuwe leer is deze, dat hij met magt ook den onreinen geesten gebiedt, en zij hem gehoorzaam zijn?</p>	
<p>5. Afrikaans (1933)</p> <p>27 En almal was verbaas, sodat hulle onder mekaar vra en sê: Wat is dit? Watter nuwe leer is dit, dat Hy met gesag ook aan die onreine geeste bevel gee en hulle Hom gehoorsaam is?</p>	<p>6. Westcott & Hort:</p> <p>καὶ ἐθαμβήθησαν ἅπαντες, ὥστε συζητεῖν αὐτοῦς λέγοντας Τί ἐστὶν τούτο; διδασχὴ καινὴ· κατ' ἐξουσίαν καὶ τοῖς πνεύμασι τοῖς ἀκαθάρτοις ἐπιτάσσει, καὶ ὑπακούουσιν αὐτῷ.</p>
<p>7. Aland:</p> <p>φωνῇ μεγάλῃ ἐξῆλθεν ἐξ αὐτοῦ. 27 καὶ ἐθαμβήθησαν ἅπαντες, ὥστε συζητεῖν πρὸς ἑαυτοὺς λέγοντας, Τί ἐστὶν τούτο; διδασχὴ καινὴ^h κατ' ἐξουσίαν^h καὶ^h τοῖς πνεύμασι</p>	

oorsaak gegee het tot die ontstaan van die langer lesing. Omdat dit so kort is, is dit waarskynlik dat dit sou plek maak vir n meer uitgebreide konstruksie, veral onder invloed van Luk. 4:36 (τίς ὁ λόγος σοῦτος).

Veral wanneer gelet word op die puntuasieverskille, is daar n duidelike saakverskil te bemerk. In navolging van die Textus Receptus plaas die Statevertaling en die Afrikaanse vertaling n vraagteken aan die einde van vers 27: "Watter nuwe leer is dit, dat Hy met gesag ook aan die onreine geeste bevel gee en hulle Hom gehoorsaam is?" Die lesing van Aland daarenteen word soos volg vertaal: "Wat is dit? n Nuwe leer met gesag; en Hy gee aan die onreine geeste bevel om Hom te gehoorsaam." Die ietwat verwarrende vraag van die Textus Receptus en die Afrikaanse vertaling word dus vervang met n uitroepende stelling!

(5) Matth. 6:13¹⁾

Van Matth. 6:13 kom daar verskillende lesings voor met invoeging van die doksologie by Erasmus, Stephanus en die Textus Receptus, en met weglating daarvan by Westcott & Hort en Aland. Die doksologie word deur n hele aantal MSS ondersteun, nl. Codd. K, L, W, Δ, Θ, Π en minuskel-MSS f¹³, 28, 33, 565, 700, 892, 1009, 1010, 1071, 1079, 1195, 1216, 1230, 1241, 1242, 1365, 1546, 1646 en 2174. Die Oud-Latynse MS it^k gee die variant: ὅτι σοῦ ἐστὶν ἡ δύναμις εἰς τοὺς αἰῶνας τῶν αἰώνων. MSS 157, 225, 418 en 1253

1) Kyk Tabel E, p.84.

TABEL E

<p>1. Erasmus (1522):</p> <p>12 ἰπύσιον δὸς ἡμῖν σήμερον. Καὶ ἄφεσ, ἡμῖν τὰ ὀφειλήματα 13 ἡμῶν, ὡς καὶ ἡμεῖς ἀφίεμεν τοῖς ὀφειλέταις ἡμῶν. Καὶ μὴ εἰσενέγκης ἡμᾶς εἰς πειρασμὸν, ἀλλὰ ῥύσαι ἡμᾶς ἀπὸ τοῦ πονηροῦ· ὅτι σὺ εἶσιν ἡ βασιλεία, καὶ ἡ δύναμις, καὶ ἡ μὲτ' 14 δόξα εἰς τοὺς αἰῶνας. Ἀμήν. Ἐὰν γὰρ ἀφῆτε τοῖς ἀνθρώ-</p>	
<p>2. Stephanus (1550):</p> <p>σήμερον· καὶ ἄφεσ ἡμῖν τὰ ὀφειλήματα ἡμῶν, ὡς 12 καὶ ἡμεῖς ἀφίεμεν⁵ τοῖς ὀφειλέταις ἡμῶν· καὶ ἡμῖν 13 εἰσενέγκης ἡμᾶς εἰς πειρασμὸν, ἀλλὰ ῥύσαι ἡμᾶς ἀπὸ τοῦ πονηροῦ. Ἔτι σοῦ ἐστιν ἡ βασιλεία καὶ ἡ δύναμις καὶ ἡ δόξα εἰς τοὺς αἰῶνας. ἀμήν.⁶ Ἐὰν γὰρ 14 μὲ</p>	<p>3. Receptus:</p> <p>ρον· καὶ ἄφεσ ἡμῖν τὰ ὀφειλήματα 12 ἡμῶν, ὡς καὶ ἡμεῖς ἀφίεμεν τοῖς ὀφειλέταις ἡμῶν· καὶ μὴ εἰσενέγ- 13 κης ἡμᾶς εἰς πειρασμὸν, ἀλλὰ ῥύσαι ἡμᾶς ἀπὸ τοῦ πονηροῦ, ὅτι σοῦ ἐστιν ἡ βασιλεία καὶ ἡ δύναμις καὶ ἡ δόξα εἰς τοὺς αἰῶνας· ἀμήν.</p>
<p>4. Statevertaling:</p> <p>12 En vergeef ons onze schulden, gelijk ook wij vergeven on- zen schuldenaren. 13 En leid ons niet in verzoeking, maar verlos ons van den booze. Want uw is het koningrijk, en de kracht, en de heer- lijkhed, in eeuwigheid. Amen.</p>	
<p>5. Afrikaans (1933)</p> <p>12 en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; 13 en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.</p>	<p>6. Westcott & Hort:</p> <p>καὶ ἄφεσ ἡμῖν τὰ ὀφειλήματα ἡμῶν, 12 ὡς καὶ ἡμεῖς ἀφήκαμεν τοῖς ὀφειλέταις ἡμῶν· καὶ μὴ εἰσενέγκης ἡμᾶς εἰς πειρασμὸν, 13 ἀλλὰ ῥύσαι ἡμᾶς ἀπὸ τοῦ πονηροῦ; Ἐὰν γὰρ ἀφῆτε τοῖς ἀνθρώποις τὰ παραπτώματα αὐτῶν, 14</p>
<p>7. Aland:</p> <p>12 καὶ ἄφεσ ἡμῖν τὰ ὀφειλήματα ἡμῶν, ὡς καὶ ἡμεῖς ἀφήκαμεν τοῖς ὀφειλέταις ἡμῶν· 13 καὶ μὴ εἰσενέγκης ἡμᾶς εἰς πειρασμὸν, ἀλλὰ ῥύσαι ἡμᾶς ἀπὸ τοῦ πονηροῦ.⁴ 14 Ἐὰν γὰρ ἀφῆτε τοῖς ἀνθρώποις τὰ παραπτώματα</p>	

lees: ὅτι σοῦ ἐστὶν ἡ βασιλεία τοῦ πατρὸς καὶ τοῦ
 υἱοῦ καὶ τοῦ ἁγίου πνεύματος εἰς τοὺς αἰῶνας. ἀμήν.¹⁾
 B.M. Metzger²⁾ verwys na die slot van die gebed in die
 liturgie van Johannes Chrysostomos en vestig die aan=
 dag daarop dat dit identies is met die laaste gedeelte
 hierbo. Dit het as aanvanklike liturgiese aanwysings
 van die kantlyn in die teks beland³⁾. Die doksologie
 is dus n interpolasie, en Westcott & Hort en Aland
 laat dit geheel en al weg op gesag van die betrouba=
 re⁴⁾ Codd. X, B, en D asook MSS 0170 en f¹. Bo en be=
 halwe hierdie teksgetuienisse het die kerkvaders Ter=
 tullianus, Origenes en Cyprianus in kommentare op die
Onse Vader die mening uitgespreek dat n sekere gedeel=
 te as slot daaraan toegevoeg is vir liturgiese gebruik
 in die vroeg-Christelike Kerk.⁵⁾

(6) 1 Joh. 5:7-8⁶⁾

Die interpolasie in Matth. 6:13 het nie dogmatie=
 se veranderinge ingehou nie, maar die invoeging al dan
 nie van die sg. Comma Johanneum in 1 Joh. 5:7-8 ver=
 oorsaak tog n saakverskil.

- 1) Aland, K., The Greek New Testament, p.18, voetnoot 4.
- 2) Metzger, B.M., A textual Commentary . . ., p.16-17.
- 3) Vergelyk 1 Kron. 29:11-13 waaruit die doksologie n vaste slot van dié Joodse gebed geword het.
- 4) Kyk Bylae I, p.108, i.v.m. die waarde van die teksfamilies en die belangrikste MSS.
- 5) Metzger, B.M., A textual Commentary . . ., p.16-17.
- 6) Kyk Tabel F, p.86.

<p>1. Erasmus (1522):</p> <p>7 ὅτι τὸ Πνεῦμά ἐστιν ἡ ἀλήθεια. Ὅτι τρεῖς εἰσιν οἱ μαρτυροῦντες ἐν τῇ οὐρανῷ, ὁ Πατήρ, ὁ Λόγος, καὶ τὸ Πνεῦμα ἅγιον· καὶ οὗτοι οἱ τρεῖς ἐν εἰσι. Καὶ τρεῖς εἰσιν οἱ μαρτυροῦντες ἐν τῇ γῆ, πνεῦμα, καὶ ὕδωρ, καὶ αἷμα· 9 καὶ οἱ τρεῖς εἰς τὸ ἓν εἰσιν. Εἰ τὴν μαρτυρίαν τῶν ἀνθρώπων</p>	
<p>2. Stephanus (1550):</p> <p>7 μαρτυροῦν, ὅτι τὸ πνεῦμά ἐστιν ἡ ἀλήθεια. ὅτι τρεῖς εἰσιν ὁι μαρτυροῦντες ἐν τῷ οὐρανῷ, ὁ Πατήρ, ὁ Λόγος, καὶ τὸ Ἅγιον Πνεῦμα· καὶ οὗτοι οἱ τρεῖς ἐν εἰσι.</p> <p>8 καὶ τρεῖς εἰσιν οἱ μαρτυροῦντες ἐν τῇ γῆ, τὸ πνεῦμα, καὶ τὸ ὕδωρ, καὶ τὸ αἷμα· καὶ οἱ τρεῖς εἰς τὸ ἓν εἰσιν.⁹ Ἐἰ τὴν μαρτυρίαν τῶν ἀνθρώπων λαμβάνο-</p>	<p>3. Receptus:</p> <p>7 Πνεῦμά ἐστιν ἡ ἀλήθεια. ὅτι τρεῖς εἰσιν οἱ μαρτυροῦντες ἐν τῷ οὐρανῷ, ὁ Πατήρ, ὁ Λόγος, καὶ τὸ Ἅγιον Πνεῦμα· καὶ οὗτοι οἱ τρεῖς ἐν εἰσι.</p> <p>8 καὶ τρεῖς εἰσιν οἱ μαρτυροῦντες ἐν τῇ γῆ, τὸ Πνεῦμα, καὶ τὸ ὕδωρ, καὶ τὸ αἷμα· καὶ οἱ τρεῖς εἰς τὸ ἓν εἰσιν.</p>
<p>4. Statevertaling:</p> <p>7 Want drie zijn er, die getuigen in den hemel, de Vader, het Woord, en de Heilige Geest; en deze drie zijn één.</p> <p>8 En drie zijn er, die getuigen op de aarde, de Geest, en het water, en het bloed; en die drie zijn tot één.</p>	
<p>5. Afrikaans (1933)</p> <p>7 Want daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een;</p> <p>8 en daar is drie wat getuig op die aarde: die Gees en die water en die bloed, en die drie is eenstemmig.</p>	<p>6. Westcott & Hort:</p> <p>ἀλήθεια. ὅτι τρεῖς εἰσιν οἱ μαρτυροῦντες, τὸ πνεῦμα καὶ τὸ ὕδωρ καὶ τὸ αἷμα, καὶ οἱ τρεῖς εἰς τὸ ἓν εἰσιν.</p>
<p>7. Aland:</p> <p>τὸ πνεῦμά ἐστιν ἡ ἀλήθεια. 7 ὅτι τρεῖς εἰσιν οἱ μαρτυροῦντες, 8 τὸ πνεῦμα καὶ τὸ ὕδωρ καὶ τὸ αἷμα⁹, καὶ οἱ τρεῖς εἰς τὸ ἓν εἰσιν. 9 εἰ τὴν μαρτυρίαν τῶν ἀνθρώπων</p>	

MS 61, wat van twyfelagtige outensiteit is¹⁾, is die enigste Griekse MS wat die gedeelte ἐν τῷ οὐρανῷ . . . ἐν τῇ γῆ ondersteun. Daarbenewens het slegs die Latynse Vulgaat dit tradisioneel gesteun. Metzger sê²⁾ dat, buiten die eksterne getuienis, "as regards transcriptional probability, if the passage were original, no good reason can be found to account for its omission, either accidentally or intentionally, by copyists of hundreds of Greek manuscripts, and by translators of ancient versions. As regards intrinsic probability, the passage makes an awkward break in the sense."

(7) Openb. 22:16-21³⁾

Hierdie teksgedeelte is bekend in dié opsig dat dit deur Erasmus vir sy uitgawe van die Nuwe Testament in Grieks uit die Latynse Vulgaat vertaal is. Volgens Bylae II⁴⁾ verskil die vertaling van Erasmus op 34 plekke van die teks van Aland sonder dat daar enige Griekse MS is wat sy lesing steun, behalwe die laaste drie variante in vers 21, nl. Κυρίου ἡμῶν Ἰησοῦ Χριστοῦ (ondersteun deur ongeveer 15 minuskels⁵⁾), μετὰ πάντων ὑμῶν (met slegs een Griekse MS as steun, nl. MS 296) en die slot Ἀμήν (ondersteun deur Cod. X,

1) Kyk p.68.

2) Metzger, B.M., A textual Commentary . . ., p.717-718.

3) Kyk Tabel G, p.88-90.

4) Kyk p.110.

5) Kyk Metzger, A textual Commentary . . ., p.768.

1. Erasmus (1522):

16 ὁ Φιλῶν καὶ ποιῶν ψεύδος. Ἐγὼ Ἰησοῦς ἔπεμψα τὸν ἄγγε-
λόν μου μαρτυρῆσαι ὑμῖν ταῦτα ἐπὶ ταῖς Ἐκκλησίαις. Ἐγώ
εἰμι ἡ ρίζα καὶ τὸ γένος τῷ Δαβὶδ, ὁ ἀστὴρ ὁ λαμπρὸς καὶ
17 ὄρθρινός. Καὶ τὸ πνεῦμα καὶ ἡ νύμφη λέγουσιν, Ἐλθέ. Καὶ
ὁ ἀκούων εἰπάτω, Ἐλθέ. Καὶ ὁ διψῶν ἐλθέτω καὶ ὁ θέλων
18 λαμβανέτω τὸ ὕδωρ ζωῆς δωρεάν. Συμμαρτυροῦμαι γὰρ
παντὶ ἀκούοντι τὰς λόγους προφητείας βιβλίου τούτου·
ἐάν τις ἐπιτιθῆ πρὸς ταῦτα, ἐπιθήσει ὁ Θεὸς ἐπ' αὐτὸν
19 τὰς πληγὰς τὰς γεγραμμένας ἐν βιβλίῳ τούτῳ. Καὶ ἐάν
εἴ τις ἀφαιρῇ ἀπὸ τῶν λόγων βίβλου τῆς προφητείας ταύ-
της, ἀφαιρήσει ὁ Θεὸς τὸ μέρος αὐτοῦ ἀπὸ βίβλου τῆς ζωῆς,
καὶ ἐκ τῆς πόλεως ἁγίας, καὶ τῶν γεγραμμένων ἐν βί-
20 βλίῳ τούτῳ. Λέγει ὁ μαρτυρῶν ταῦτα, Ναὶ, ἔρχομαι ταχύ.
21 Ἀμήν, καὶ, ἔρχου Κύριε Ἰησοῦ. Ἡ χάρις τοῦ Κυρίου ἡμῶν
Ἰησοῦ Χριστοῦ μετὰ πάντων ὑμῶν. Ἀμήν.

2. Stephanus (1550):

16 Ἐγὼ Ἰησοῦς ἔπεμψα τὸν ἄγγελόν μου μαρτυρῆ-
σαι ὑμῖν ταῦτα ἐπὶ ¹¹ ταῖς ἐκκλησίαις· ἐγὼ εἰμι ἡ
ρίζα καὶ τὸ γένος τοῦ ¹² Δαβὶδ, ὁ ¹³ ἀστὴρ ὁ λαμπρὸς
17 καὶ ¹⁴ ὄρθρινός. ¹⁵ Καὶ τὸ ¹⁶ πνεῦμα καὶ ἡ ¹⁷ νύμφη
λέγουσιν, Ἐλθέ. ¹⁸ καὶ ὁ ἀκούων εἰπάτω, Ἐλθέ. ¹⁹
καὶ ὁ διψῶν ἐλθέτω, καὶ ²⁰ ὁ θέλων λαμβανέτω τὸ ²¹
²² ὕδωρ ζωῆς δωρεάν.
18 Συμμαρτυροῦμαι γὰρ ²³ παντὶ ²⁴ ἀκούοντι τοὺς λόγους
τῆς προφητείας τοῦ βιβλίου τούτου· ἐάν τις ἐπιτιθῆ
πρὸς ταῦτα ²⁴, ἐπιθήσει ὁ Θεὸς ἐπ' αὐτὸν ²⁵ τὰς πληγὰς
19 τὰς γεγραμμένας ἐν ²⁶ βιβλίῳ τούτῳ· καὶ ἐάν τις
ἀφαιρῇ ²⁷ ἀπὸ τῶν λόγων ²⁸ βίβλου τῆς προφητείας
ταύτης, ἀφαιρήσει ²⁹ ὁ Θεὸς τὸ μέρος αὐτοῦ ἀπὸ
βίβλου ³⁰ τῆς ζωῆς, καὶ ἐκ ³¹ τῆς πόλεως τῆς ἁγίας,
20 καὶ ³² τῶν γεγραμμένων ἐν ³³ βιβλίῳ τούτῳ. Λέγει ὁ
μαρτυρῶν ταῦτα, Ἐλθέ ἔρχομαι ταχύ· ἀμήν. ³⁴ Ναὶ,
³⁵ ἔρχου, Κύριε Ἰησοῦ.
³⁶ Ἡ χάρις τοῦ Κυρίου ἡμῶν ³⁷ Ἰησοῦ Χριστοῦ ³⁸
μετὰ πάντων ὑμῶν. Ἀμήν. ³⁹

3. Receptus:

16 Ἐγὼ Ἰησοῦς ἔπεμψα τὸν ἄγγελόν
μου μαρτυρῆσαι ὑμῖν ταῦτα ἐπὶ ταῖς
ἐκκλησίαις. ἐγὼ εἰμι ἡ ρίζα καὶ τὸ
γένος τοῦ Δαβὶδ, ὁ ἀστὴρ ὁ λαμπρὸς
17 καὶ ὄρθρινός. Καὶ τὸ πνεῦμα καὶ ὁ
νύμφη λέγουσιν, Ἐλθέ· καὶ ὁ
ἀκούων εἰπάτω, Ἐλθέ· καὶ ὁ διψῶν
ἐλθέτω, καὶ ὁ θέλων λαμβανέτω τὸ
18 ὕδωρ ζωῆς δωρεάν. Συμμαρτυροῦ-
μαι γὰρ παντὶ ἀκούοντι τοὺς λόγους
τῆς προφητείας τοῦ βιβλίου τούτου,
Ἐάν τις ἐπιτιθῆ πρὸς ταῦτα, ἐπιθή-
σει ὁ Θεὸς ἐπ' αὐτὸν τὰς πληγὰς
τὰς γεγραμμένας ἐν βιβλίῳ τούτῳ·
19 καὶ ἐάν τις ἀφαιρῇ ἀπὸ τῶν λόγων
βίβλου τῆς προφητείας ταύτης,
ἀφαιρήσει ὁ Θεὸς τὸ μέρος αὐτοῦ
ἀπὸ βίβλου τῆς ζωῆς, καὶ ἐκ τῆς
πόλεως τῆς ἁγίας, καὶ τῶν γεγραμ-
20 μένων ἐν βιβλίῳ τούτῳ. Λέγει ὁ
μαρτυρῶν ταῦτα, Ναὶ ἔρχομαι ταχύ.
ἀμήν, καὶ ἔρχου, Κύριε Ἰησοῦ.
21 Ἡ χάρις τοῦ Κυρίου ἡμῶν Ἰησοῦ
Χριστοῦ μετὰ πάντων ὑμῶν. ἀμήν.

4. Statevertaling:

16 ^aIk, Jezus, heb mijnen Engel gezonden, om ulieden deze dingen te getuigen in de gemeenten. ^bIk ben de wortel en het geslacht Davids, ⁱde blinkende morgenster.

17 En de Geest en de bruid zeggen: Kom! En die het hoort, zegge: Kom! En die dorst heeft, kome; en die wil, neme het water des levens om niet.

18 Want ik betuig aan een iegelijk, die de woorden der profetie dezes boeks hoort: Indien iemand tot deze dingen toedoet, God zal over hem toedoen de plagen, die in dit boek geschreven zijn.

19 ^kEn indien iemand afdoet van de woorden des boeks dezer profetie, God zal zijn deel afdoen uit ^lhet boek des levens, en uit de heilige stad, en ^muit hetgeen in dit boek geschreven is.

20 Die deze dingen getuigt, zegt: Ja, ik kom haastiglijk. Amen. Ja, kom, Heere Jezus!

21 De genade van onzen Heer Jezus Christus [*zij*] met u allen! Amen.

5. Afrikaans (1933)

16 Ek, Jesus, het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig. Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink morester.

17 En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoer, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet.

18 Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plaë byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is.

19 En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is.

20 Hy wat dit getuig, sê: Ja, Ek kom gou. Amen, ja kom, Here Jesus!

21 Die genade van onse Here Jezus Christus sy met julle almal! Amen.

6. Westcott & Hort:

16 Ἐγὼ Ἰησοῦς ἐπέμψα τὸν ἄγγελόν μου μαρτυρῆσαι ὑμῖν ταῦτα ἐπὶ ταῖς ἐκκλησίαις. ἐγὼ εἰμι ἡ ῥίζα καὶ τὸ γένος Δαυεὶδ, ὁ ἀστὴρ ὁ λαμπρὸς, ὁ πρωϊνός.

17 Καὶ τὸ πνεῦμα καὶ ἡ νύμφη λέγουσιν Ἐρχου· καὶ ὁ ἀκούων εἰπάτω Ἐρχου· καὶ ὁ διψῶν ἐρχέσθω, ὁ θέλων λαβέτω ὕδωρ ζωῆς δωρεάν.

18 Μαρτυρῶ ἐγὼ παντὶ τῷ ἀκούοντι τοὺς λόγους τῆς προφητείας τοῦ βιβλίου τούτου· εἴ τις ἐπιθήσῃ ἐπὶ αὐτά, ἐπιθήσει ὁ θεὸς ἐπ' αὐτόν τὰς πληγὰς τὰς γεγραμμένας ἐν τῷ βιβλίῳ τούτῳ· καὶ εἴ τις ἀφέλῃ ἀπὸ τῶν λόγων τοῦ βιβλίου τῆς προφητείας ταύτης, ἀφελεί ὁ θεὸς τὸ μέρος αὐτοῦ ἀπὸ τοῦ βιβλίου τῆς ζωῆς καὶ ἐκ τῆς πόλεως τῆς ἁγίας, τῶν γεγραμμένων ἐν τῷ βιβλίῳ τούτῳ.

20 Λέγει ὁ μαρτυρῶν ταῦτα· Ναί· ἔρχομαι ταχὺ· Ἄμην· ἔρχου, κύριε Ἰησοῦ.

21 Ἡ χάρις τοῦ κυρίου Ἰησοῦ [Χριστοῦ] μετὰ τῶν ἁγίων.

7. Aland:

16 Ἐγὼ Ἰησοῦς ἔπεμψα τὸν ἄγγελόν μου μαρτυρῆσαι ὑμῖν ταῦτα ἐπὶ ταῖς ἐκκλησίαις. ἐγὼ εἰμι ἡ ῥίζα καὶ τὸ γένος Δαυὶδ, ὁ ἀστὴρ ὁ λαμπρὸς ὁ πρωϊνός.
17 Καὶ τὸ πνεῦμα καὶ ἡ νύμφη λέγουσιν, Ἔρχου. καὶ ὁ ἀκούων εἰπάτω, Ἔρχου. καὶ ὁ διψῶν ἐρχέσθω, ὁ θέλων λαβέτω ὕδωρ ζωῆς δωρεάν.

18 Μαρτυρῶ ἐγὼ παντὶ τῷ ἀκούοντι τοὺς λόγους τῆς προφητείας τοῦ βιβλίου τούτου· ἐάν τις ἐπιθῇ ἐπ' αὐτά, ἐπιθήσει ἐπ' αὐτὸν ὁ θεὸς τὰς πληγὰς τὰς γεγραμμένας ἐν τῷ βιβλίῳ τούτῳ· 19 καὶ ἐάν τις ἀφέλῃ ἀπὸ τῶν λόγων τοῦ βιβλίου τῆς προφητείας ταύτης, ἀφελεῖ ὁ θεὸς τὸ μέρος αὐτοῦ ἀπὸ τοῦ ξύλου τῆς ζωῆς καὶ ἐκ τῆς πόλεως τῆς ἁγίας, τῶν γεγραμμένων ἐν τῷ βιβλίῳ τούτῳ.

20 Λέγει ὁ μαρτυρῶν ταῦτα, Ναί, ἔρχομαι ταχύ. Ἀμήν, ἔρχου, κύριε Ἰησοῦ.

21 Ἡ χάρις τοῦ κυρίου Ἰησοῦ² μετὰ πάντων^{3, 4}.

MSS 046,051 en feitlik al die minuskels). Dertig van die variante in die teks van Erasmus steun dus op geen Griekse getuienis nie en is die gevolg van die feit dat hy uit die Vulgaat vertaal het.

Stephanus het slegs 4 van die foute van Erasmus gekorrigeer¹⁾ en die Textus Receptus reproduseer die teks van Stephanus sonder n-enkele wysiging. Die gevolg is dat die Textus Receptus op 26 plekke lesings gee wat deur geen Griekse manuskripgetuienis ondersteun word nie!

Westcott & Hort het op 1 uitsondering na al die foute van Erasmus herstel. Aland bring 1 verbetering aan t.o.v. spelling (vers 16), 2 verbeteringe t.o.v. puntuasie (vers 16 en vers 20) en 1 verbetering t.o.v. woordorde aan op die teks van Westcott & Hort. Verder vervang hy die lesing κυρίου Ἰησοῦ (Χριστοῦ) wat Westcott & Hort, in vers 21 laat bly het (hoewel met die Χριστοῦ in hakies) op gesag van MSS 046,051 en die meeste minuskels, met die lesing κυρίου Ἰησοῦ op die betroubare gesag van Cod. \aleph , Cod. A en ongeveer 15 Minuskels, w.o. MSS 1611 en 2053. Die lesing μετὰ τῶν ἀγίων wat Westcott & Hort in navolging van Cod. \aleph en it^{gig} gee, vervang Aland met μετὰ πάντων op die gesag van Cod. Alexandrinus (hoewel met n $\overline{\text{C}}$ -aanduiding).

Die lesings van Erasmus, Stephanus en die Textus Receptus aan die een kant en Westcott & Hort en Aland aan die ander kant, lewer in die meeste gevalle dieselfde vertaling. Tog kom daar sekere woorde voor in die Statevertaling en in die Afri-

1) Kyk Bylae II, p.110-111.

kaanse vertaling waardeur albei vertalings onmiskenbaar gekoppel word aan die lesings van Erasmus, Stephanus en die Textus Receptus. Voorbeelde hiervan kom voor in vers 18: "Want ek betuig . . . ", vers 19: " . . . uit die boek van die lewe . . . " , vers 20: "Amen, ja kom . . . " en vers 21: "Die genade van onse Here Jesus Christus sy met julle almal! Amen." Die huidige Afrikaanse vertaling van Openb. 22:16-21 is dus gebaseer op n Griekse teks wat op 26 plekke lesings gee wat hoegenaamd geen Griekse MS ter ondersteuning het nie. n Vertaling van die Woord van God wat onder hierdie omstandighede gemaak word, kan vanselfsprekend nie goedgepraat word nie.

Bostaande proefsteke gee n aanduiding daarvan dat die Textus Receptus n feitlik onveranderde reproduksie van die teksuitgawe van Erasmus is. Soms steun dit op goeie teksgetuienis , maar meestal lewer dit Bisantynse lesings waarop heelwat verbetering nodig is, soos Westcott & Hort en Aland probeer aanbring het.

HOOFSTUK IV

DIE BRONNE VAN DIE NUWE AFRIKAANSE VERTALING VAN DIE NUWE TESTAMENT (1968 +)

1 DIE EERSTE HERSIENING VAN DIE AFRIKAANSE BYBEL (1934-1953)

Die argumente teen die Textus Receptus, soos uiteengesit in Hoofstuk II en III, is alreeds vóór 1933, d.i. die verskyningsdatum van die Bybel in Afrikaans, teenoor die Bybelvertalingskommissie geopper. Die stemme t.g.v. n beter grondteks het al hoe meer geword. By geleentheid van die laaste vergadering van die Algemene Kommissie vir Bybelvertaling wat op 23 Augustus 1933 te Bloemfontein gehou is, is besluit om die pasverskene Afrikaanse Bybel te hersien.¹⁾ Ten spyte van herhaalde besware van die kant van die publiek, het die hersieners besluit om te hou by die Textus Receptus. In verband hiermee skryf J.D. Kestell²⁾, in antwoord op besware van M.J. van der Westhuizen:

1) Van Zyl, A.H. & Swanepoel, F.A., op. cit., p.17.

2) Uit n brief van Kestell aan die Skriba van die Raad van Kerke, A.J. van Wyk, gedateer 24 April 1935, Nienaber-versameling N8, Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens, Kaapstad.

"Ek kan u meedeel dat ons met revisie meer as half klaar is, en dat ons nie bereid is om alles wat gedoen is, weer oor te gaan, en, waar dit vereis word, te verander ooreenkomstig n ander teks as die Textus Receptus. Die téenwoordige vertalers sal ook in elk geval, n hervertaling nie wil aanpak nie." J.D. du Toit skryf oor al die besware aan Die Burger¹⁾: "Waarom gee die vertalers u beleeflik maar tog dringend in oorweging die vraag of dit wel profytlík is om n publieke diskressie van teks-kritiese kwessies te open? Is dit nie beter om dit geheel agterweë te laat bly nie?" Volgens Keet²⁾ het die eerste hersiening van die Afrikaanse Bybel hoofsaaklik die volgende verbeterings beoog: (1) Spelling; (2) sekere woorde en uitdrukkinge moes in ooreenstemming gebring word met die latere ontwikkeling van Afrikaans; (3) moontlike verbeteringe in die vertaalwerk en die styl.

Die gevolg van die besluit van die hersieners tot die handhawing van die Textus Receptus was dat die hersiene uitgawe wat in 1953 verskyn het in wetenskaplike kringe teleurstelling veroorsaak het, soos blyk uit die klagtes van P.V. Pistorius³⁾:

- 1) Uit n verklaring van die vertalers in antwoord op n voorstel van M.J. van der Westhuizen aan die Raad van Kerke i.v.m. n ander grondteks, brief gedateer 1935, Nienaber-versameling, Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens, Kaapstad.
- 2) "Die Hersiening van die Afr. Bybel", Huisgenoot, 30 Nov. 1951, p.43.
- 3) Pistorius, P.V., "Hoe goed is ons Afr. Bybel=vertaling?", Brandwag 17, 11 Desember 1953, p.13.

"Die hersiene vertaling van die Afrikaanse Bybel wat nou verskyn het, is uiteraard slegs in 'n baie beperkte sin 'n hersiene vertaling. So ver as wat ek weet, het die klem op die verbetering van die Afrikaans geval eerder as op 'n getrouer en meer wetenskaplike vertaling van die oorspronklike, en dit word dan ook duidelik as daarop gelet word dat dit eerder Afrikaanse taalkundiges was wie se hulp ingeroep is en nie kenners van die grondtale van die Bybel nie . . .

"Die Afrikaanse Nuwe Testament, soos ons dit tot dusver geken het, het nie in alle opsigte aan die eise van 'n wetenskaplike vertaling voldoen nie. Dit is as volksvertaling bedoel, en afgesien van die tekortkomings wat daaraan as vertaling gekleef het, het sekere faktore 'n minder wetenskaplike vertaling in die hand gewerk.

"Een van daardie faktore was bv. die feit dat die vertalers aan die Textus Receptus gebonde was, 'n Griekse teks wat nie aan die eise van Wetenskaplike tekskritiek voldoen het nie, en 'n ander faktor was ongetwyfeld die destydse stand van die Griekse taalkunde." Tog ruk Pistorius sy argumente nie uit verband nie, want hy besluit: "Wat ons eie Afrikaanse Nuwe Testament betref, soos ons dit vandag in hersiene vorm het, moet ons konstateer dat dit nie in so 'n mate afwyk dat dit die groot heilswaardede nie aan die leser kan bring nie, maar dat dit tog so afwyk dat 'n mens opnuut onder die besef kom van die behoefte aan een of meer onafhanklike vertalings."

A .H. van Zyl wys daarop dat die hersiene uit=

gawe slegs 5 000 verskille van die 1933-uitgawe vertoon, en sê¹⁾:

"Die betreklike klein aantal verskille kan toegeskryf word aan die uitgangspunt van die hersieners. Dit was naamlik nie hulle doel om 'n nuwe of vernieu-de vertaling te voorsien nie, maar slegs om die 1933-vertaling so volmaak moontlik te maak. Die hersieners het verder uiters konserwatief te werk gegaan omdat hulle nie weer die volk gekant wou maak teen 'n volgende revisie nie."

2 DIE PROBLEME MET DIE TWEDE HERSIENING VAN DIE AFRIKAANSE BYBEL (1958-1968)

Die Afrikaanse Bybelvertalingskommissie het spoedig beseft dat die hersiene uitgawe van 1953 verouderd was en nie meer bevredigend was, veral a.g.v. die verouderde taalgebruik daarin, die té noue gebondenheid aan die oorspronklike en, as gevolg daarvan, onverstaanbaarheid. Op die eerste vergadering van die Afrikaanse Bybelvertalingskommissie, gehou op 2 Oktober 1958 in die Voortrekker-Gedenksaal, Pretoria, is uit die genomineerdes van die 3 Afrikaanse kerke 'n kommissie aangewys vir die tweede hersiening van die Afrikaanse Bybel, bestaande uit B.B. Keet (voorsitter), E.P. Groenewald, J.J. Muller, P.F.D. Weiss, P.A. Verhoef, E.S. Mulder, A.S. Geyser, S. du Toit, en W.J. Snyman. P.F.D. Weiss roer weer die

1) Van Zyl, A.H. & Swanepoel, F.A., op. cit., p.23.

saak van die grondteks aan:¹⁾

"As al hierdie dinge in aanmerking geneem word²⁾ en as ons in gedagte hou dat ons eie taal ook nie stilgestaan het nie, dan is dit seker wenslik dat aan die hersiening van die Afrikaanse Bybelvertaling aandag gegee word . . . Die Bybel met verklarende aantekeninge . . . is uit die grondteks gedoen en die aandag word soms in die verklaring op variante in die teks gevestig. Hier is dus reeds voorbereidende werk gedoen waarop voortgebou kan word."

In 'n artikel Bybelvertaling met die oog op die hersiene uitgawe van die Bybel in Afrikaans³⁾ beveel J.P. van der Walt aan dat die 1945-uitgawe van Nestle gevolg moet word. Met voorbeelde dui hy aan hoe dit baie vertaalprobleme sal uitskakel. Beware van dié aard kon nie langer verontagsaam word nie, aangesien die hersieners vanweë die resultate van die Nuwe Testamentiese tekstkritiek die ontoereikendheid van die Textus Receptus deeglik beseef het. Gevolglik is besluit dat daar wel 'n hersiening van die hersiene uitgawe van stapel gestuur moes word, maar "met dié voorbehoud dat die Nuwe Testament sou uitgaan van die sogenaamde Nestle-tekste en nié van die Textus Receptus wat in 1933 en 1953 gevolg is nie."⁴⁾

- 1) Weiss, P.F.D., "Die wenslikheid van die hersiening van die Afrikaanse Bybelvertaling", Tydskrif vir Wetenskap en Kuns, nr.18, Oktober 1958, p.153-9.
- 2) D.i. dié resultate van die N.T. tekstkritiek.
- 3) Die Kerkbode, 23, 3 Desember 1958, p.985.
- 4) Van Zyl & Swanepoel, op. cit., p.36.

Na die eerste vergadering van die Vertalingskommissie is A.H. van Zyl, A. van Selms en J.H. Kroeze by die aanvanklike kommissie benoem.

Op n vertalerseminaar wat die Bybelgenootskap van Suid-Afrika in Julie 1967 te Turfloop gehou het, het Van Zyl n referaat gelewer oor die onderwerp Afrikaans O.T. translation problems. Van Zyl vertel in sy werk Waarom n Nuwe Bybelvertaling?¹⁾ dat hy by die voorbereiding van die referaat tot die besef gekom het dat n hersiening van die hersiene uitgawe nie kan gee wat vereis word nie. Op 13 Julie 1967 sê hy in sy referaat²⁾:

"In spite of the excellent qualities of this translation, the present panel of translators should take care not to overestimate its qualities or to revise it in such a way that the result would resemble patchwork. I believe that the church public would accept discrepancies between the existing translation and a future translation more promptly if they had to receive it as a completely new rendering."

Hierna het die gedagte aan n nuwe vertaling al hoe meer byval gevind by die hersieners. J.T.M. de Jongh van Arkel, hoofsekretaris van die Bybelgenootskap, spreek hom soos volg uit in n persoonderhoud³⁾:

1) *ibid.*, p.37.

2) *ibid.*, p.47.

3)" "Bybel weer in Afr. vertaal," Transvaler 34, 4/3, 3 Februarie 1971.

"n Kommissie van vertalers, waarin die 3 Afrikaanse kerke verteenwoordig is, het in 1958 begin met n hersiening van die Afrikaanse Bybel. Na hulle n paar jaar gewerk het, het hulle besef dat n blote hersiening eintlik n onbegonne taak was. Die kennis van die grondtale van die Bybel het die afgelope halfeeue so toegeneem en navorsing het soveel nuwe lig op die grondtekste van die Bybel gewerp, dat n nuwe vertaling noodsaaklik geword het."

Voordat die nuwe vertaling n aanvang kon neem, moes die steun van die 3 Afrikaanse kerke verkry word. Met die oog hierop het die Bybelgenootskap n vertalerseminaar belê aan die Universiteit van Pretoria in Julie 1968, wat o.a. deur verteenwoordigers van die 3 Afrikaanse kerke bygewoon is. Op hierdie seminaar is die jonste ontwikkelinge in die vertaalwetenskap onder die aandag van die lede gebring, om sodoende die noodsaaklikheid van n nuwe vertaling te beklemtoon.

As voorbeelde van moderne vertalings van die Bybel, is die New English Bible en Good News for Modern Man voorgehou. Aan die einde van die seminaar, op 5 Julie 1968, het die vergadering eenparig besluit¹⁾:

"Die vergadering is van oordeel dat, aangesien die bestaande Afrikaanse Bybelvertaling in 1933 deur die Afrikaanse kerke in Suid-Afrika aanvaar is, slegs nege jaar nadat Afrikaans amptelike lands-

1) Soos aangehaal deur Van Zyl, H.A. en Swanepoel, F.A., op. cit., p.48.

taal geword het, die tyd nou aangebreek het dat gewerk word aan 'n vernieuende vertaling, wat rekening hou met die ontwikkeling van Afrikaans in die afgelope tydperk en die resultate van die wetenskaplike ondersoek, so getrou as moontlik aan die grondteks; 'n waardige vertaling wat ons volk aanspreek binne en buite die kerk, in die erediens en huislike gebruik, in ons teenwoordige situasie en tyd."

Daarop het die Vertalingskommissie begin werk aan 'n proefvertaling, en nadat lede van die drie Afrikaanse kerke insae gehad het in hulle voorlopige vertaalwerk, het die Gereformeerde Kerk tydens sy Nasionale Sinode in Januarie 1970 'n voorstel aanvaar tot medewerking aan 'n nuwe vertaling van die Bybel,¹⁾ in April 1970 het die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika hulle voorbeeld gevolg²⁾ en ook die Algemene Sinode van die Nederduits Gereformeerde Kerk in Oktober 1970.³⁾

- 1) Sinodale Handeling van die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, 1970, p.301.
- 2) Notule van die 56e Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, 27 April tot 5 Mei 1970, p.131.
- 3) Handeling van die 3e vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduits Gereformeerde Kerk, gehou in Pretoria op Woensdag 14 Oktober 1970 en volgende dae, p.800. Kyk ook die Agenda van dié Sinode, p.165, i.v.m. die formulering van die aanbeveling.

Die nuwe vertalingskommissie wat aangestel is, was: E.P. Groenewald (voorsitter,) S. du Toit (ondervoorsitter), E.S. Mulder, J.P. Oberholzer, P.A. Verhoef, F.C. Fensham, T. van der Walt, F.J. Botha, A.H. van Zyl (sekretaris,) J. Postma en G.M. M. Pelser (hulpsekretaris.)

3 DIE NUWE AFRIKAANSE BYBELVERTALING

In Januarie 1970 het die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerk van S.A. te Potchefstroom in ooreenstemming met die ander Afrikaanse kerke besluit:¹⁾

- "1. Dat die nuwe vertaling rekening moet hou met die ontwikkeling van Afrikaans en die resultate van wetenskaplike ondersoek.
2. Dat die vertaling so getrou moontlik moet wees aan die grondteks, en
3. Dat dit n waardige vertaling moet wees wat tot die volk sal spreek in eredienste en huislike gebruik in ons teenwoordige situasie en tyd."

I.p.v. die Textus Receptus is besluit om die 1968-tekst-uitgawe van die United Bible Societies, saamgestel o.l.v. Kurt Aland, Matthew Black, Carlo M. Martini, Bruce M. Metzger en Allen Wikgren, te aanvaar as grondteks vir die nuwe vertaling. Dit

1) Sinodale Handeling van die Gereformeerde Kerk van S.A., 1970, p.302-303, punt b.

val nie binne die omvang van hierdie studie om 'n tekskritiese waardering van dié tekssamestelling te maak nie. Dit behoort genoeg te wees om die werksmetode van die samestellers, wat immers die getuigskrif van 'n tekssamestelling is, aan te haal. Die samestellers verklaar¹⁾:

"The Committee carried out its work in four principal stages: (1) On the basis of Westcott and Hort's edition of the Greek New Testament, a comparison was made of the text and apparatus of several other editions, including those of Nestle, Bover, Merk and Vogels, and to some extent those of Tischendorf and Von Soden, in order to determine which of the variant readings warranted further study: (2) Data on several thousand sets of variants were gathered, not only from printed editions, commentaries and technical studies, but also from hitherto unused papyri, uncials, minuscules and lectionaries; (3) About six hundred variations in punctuation, which appeared to merit consideration, were selected and compared in editions of the Greek text and in the principal English, German and French translations; and finally, (4) the Greek text was established, the degree of certainty for the reading

- 1) Aland, Kurt, The Greek New Testament, United Bible Societies, Stuttgart, Wes-Duitsland, 1968, Introd. p. v-vi.

adopted in the text was estimated, and decisions were made whether or not to include a set of variants in the apparatus."¹⁾

Op 18 Februarie 1971 is die eerste proefuitgawe van die nuwe Afrikaanse Vertaling van die Bybel vrygestel. Dit het 'n gunstige ontvangs geniet. Die Hoofstad berig²⁾: "Die nuwe vertaling was ten dele 'n proefneming om die reaksie van die publiek te toets. Die gewildheid van die proefvertaling blyk ook uit die feit dat die eerste oplaag van 25,000 binne 'n paar weke uitverkoop is." Die reaksie was positief en negatief. Die kritiek wat uitgespreek word, is van tweërlei aard: in die eerste plek word die oorskakeling na 'n ander grondteks bevraagteken, waarop hierdie studie hopelik 'n antwoord gegee het, en in die tweede plek word die taal as "plat en oneerbiedig" bestempel. Ten opsigte van die laaste punt van kritiek kan slegs die hoop uitgespreek word dat die nuwe vertaling nie dieselfde uiteinde gaan hê as die eerste Afrikaanse vertaling van S.J. du Toit nie, nl. dat dit, hoewel gegrond op 'n goeie teksbasis, tog deur die volk as verwerplik beskou word as gevolg van "on-

- 1) Vir 'n volledige waardering van en motivering vir die verskillende lesings van hierdie teks-samestelling, kyk Metzger, B.M., A textual commentary on the Greek New Testament, United Bible Societies, London, 1971.
- 2) "Bybelvertaling vind byval, ook kritiek," Hoofstad, 4, 17/3, 30 April 1971.

vaardigheid" van die taal. Lof was daar ook. 'n Beïndrukte lidmaat skryf¹⁾: "Wanneer ons die pas verskene proefvertaling van enkele Bybelgedeeltes met dié in die ou vertaling vergelyk, val dit meteens op dat 'n nuwe vertaling van die Bybel 'n dringende noodsaaklikheid geword het."

Die belangrikste moment in die 4e tydperk van Bybelvertaling in Afrikaans, waarin ons nou leef, is die besluit tot die navolging van 'n kritiese grondteks. Die stryd is dus eindelik gewonne en daar word met afwagting en hoë verwagting uitgesien na die verskyning van die nuwe Afrikaanse Bybel.

1) J.H. Steenekamp, "Proefvertaling hou mooi beloftes in", Die Transvaler, 34, 8/1, 26 April 1971.

HOOFSTUK V

SAMEVATTENDE KONKLUSIES

Die 1933-vertalers het die Textus Receptus en die Nederlandse Statevertaling as bronne vir die Afrikaanse vertaling van die Nuwe Testament gebruik. Die motivering hiervoor was: (1) Die vertalers het gevrees dat die Afrikaanse volk 'n vertaling wat te ver afwyk van die Statevertaling sou verwerp; (2) In hulle poging om so na as moontlik aan die Statevertaling te bly, het hulle die Textus Receptus as grondteks vir die Afrikaanse vertaling geneem omdat hulle van mening was dat die Textus Receptus ook die grondteks van die Statevertaling was.

In beide hierdie opvattinge het die 1933-vertalers gedwaal:

- (1) Geleerdes sowel as gewone kerklidmate het duidelik te kenne gegee dat die volk 'n eie Afrikaanse vertaling nodig gehad het en nie 'n verafrikaansde Statebybel wat 'nóg vis nóg vlees' was nie;
- (2) Die grondteks van die Nederlandse Statevertaling was inderwaarheid nie die Textus Receptus nie, maar wel die teksuitgawe van Beza.

Die 1933-vertaling is deur die drie Afrikaanse kerke aanvaar as die standaardvertaling in Afrikaans. Tog het die resultate van die tekskritiek

gedurende die afgelope paar dekades verdoemende getuienis ingebring teen die wetenskaplike waarde van die bronne waaruit die huidige Afrikaanse vertaling van die Nuwe Testament gedoen is. Nie alleen die haas en die onverskilligheid waarmee die Textus Receptus en sy voorgangers saamgestel is nie, maar ook die swak teksgetuienisse waarop dit steun dui daarop dat die Textus Receptus n uiters onbetroubare weergawe van die Griekse teks van die Nuwe Testament is. Ook die Nederlandse Statebybel is, t.o.v. die nuwe Testament, vertaal uit bronne wat net so onbetroubaar is as die Textus Receptus. Die grondteks van die Statevertaling was die teksuitgawe van Beza, n voorganger en n noue verwant van die Textus Receptus.

As gevolg van die ontoereikendheid van die bronne kom daar talle lesings in die Afrikaanse vertaling van die Nuwe Testament voor wat op baie onbetroubare Griekse MSS en hier en daar selfs op geen Griekse MS steun nie. Die meerderheid van hierdie lesings verskil van die korrekte lesings bloot t.o.v. puntuasie, woordorde, woordkeuse en konstruksie. Woordverskille kom talryk voor, maar daar is n uiters beperkte aantal saakverskille, met die gevolg dat die foutiewe lesings wat in die huidige Afrikaanse vertaling opgeneem is nie die heilswaarhede van die Heilige Skrif aantast nie.

Vanweë die onnoukeurigheid van die bronne waaruit die 1933-vertaling van die Nuwe Testament in

Afrikaans gedoen is, is die vertaling ontoereikend en is dit noodsaaklik dat 'n Nuwe Afrikaanse vertaling van die Nuwe Testament van stapel gestuur word, gebaseer op 'n grondteks wat volgens moderne wetenskaplike metodes saamgestel is en aan die eise van die tyd voldoen. Die Kommissie van vertalers wat die nuwe vertaling van die Bybel in Afrikaans behartig, het daarom besluit om die U.B.S.-uitgawe (1968) van die Griekse Nuwe Testament, saamgestel o.i.v. Kurt Aland, as grondteks vir die nuwe vertaling te neem.

Daar is enkele sake i.v.m. die bronne waaruit die nuwe Afrikaanse vertaling gedoen word, waaroor daar in die toekoms uitsluitel verkry sal moet word: (1) Daar sal van tyd tot tyd opnuut vasgestel moet word of die U.B.S.-uitgawe die mees betroubare tekssamestelling is wat die moderne tekskritiek kan oplewer. (2) Daar sal moet vasgestel word in wat ter mate die vertalers ook van sekondêre bronne gebruik maak, soos die New English Bible en die Good News for Modern Man en hoe betroubaar die bronne is waaruit die betrokke vertalings gedoen is.

Dit is wel duidelik dat die huidige Afrikaanse vertaling van die Nuwe Testament nie meer as die Standaardvertaling kan bly voortbestaan nie, omdat dit uit onbetroubare bronne vertaal is. Die teenwoordige Vertalingskommissie het dus verstandig opgetree in dié opsig dat hulle afstand gedoen het van die Textus Receptus en die Nederlandse Statevertaling.

SINOPSIS VAN DIE

	Alexandryns	Caesareaans
Enkele be= langrike MSS	p ⁶⁶ , p ⁷⁵ , p ¹ , p ⁴⁶ , p ⁴⁷ en die meeste ander papiri; , B, C, cod. 33, Boharies, Sahid.	p ³⁷ , p ⁴⁵ , Θ, W (t.o.v. Mk.), fam. 1 & 13, Origenes, Eusebius, Cyrillus
Oorsprong	Alexandrië in Noord- Afrika. Ten minste uit die 3e eeu.	Gaan blykens p ⁴⁵ terug tot ten min= ste 3e eeu. Caesa= rea in Palestina.
Kenmerke	i. Westcott & Hort se Neutrale en A= lexandrynse tipes. ii. Het dikwels die moeiliker lesing. iii. Dikwels forme= le afwykings t.g.v. Klassieke vorm.	i. Lê in tekstipe halfpad tussen A= lexandrynse en Westerse tipes. ii. Miskien nader aan Westerse maar sonder die "lang" lesings.
Waarde	i. Beste tekstipe. ii. en B steeds een van die beste kombinasies. iii. Egter nie slaafs te volg nie.	i. Waarskynlik die 2e beste tekstipe. ii. n Verbinding van ΘW met B is n uiters sterk ge= tuenis.

1) Volgens n opsomming deur Coetzee, J.C.

TEKSFAMILIES¹⁾

Westers

p²⁵ en p³⁸, D, Itala,
Oud-Siriese vertaling,
Vroeë Kerkvaders.

Dit gaan terug tot die
2e eeu. Het waarskynlik
in Rome ontstaan.

i. Staan dikwels heelte=
mal alleen in sy teks=
getuienis.

ii. Die Westerse teks
word gekenmerk deur uit=
breidings op die teks -
dit staan bekend as die
"lang" lesings.

i. Sommige ag dit heel
hoog.

ii. Normaalweg nie te
aanvaar waar dit alleen
staan met lang lesings
nie.

iii. Soms het dit n op=
vallend korter lesing -
dáár is dit belangrik.

Bisantyns

A, E, F, meeste laat
unciale, meeste minus=
kels, laat Kerkvaders.

Bestaan + die 7e-8e eeu
in die huidige gladde
vorm. Die Oud-Bisantyn=
se vorm het waarskynlik
in die 3e eeu bestaan.
Kom uit Bizantium.

i. Glad, duidelik en ge=
harmoniseer.

ii. Dit gee dikwels lang=
er lesings, maar nie van
die aard van die Wester=
se "lang" lesings nie.

i. Oor die algemeen is
die Bisantynse teks n
swak tekstipe.

ii. Tog is dit nie son=
der meer te verwerp
nie.

Openb.	Erasmus	Stephanus
22:16	τοῦ Δαβίδ	do.
	ὁ λαμπρὸς καὶ ὀρθρινός	do.
22:17	Ἐλθέ	do.
	ἐλθέτω	do.
	λαμβάνετω τὸ ὕδωρ	do.
22:18	Συμμαρτυροῦμαι γὰρ παντί	do.
	παντὶ ἀκούοντι	do.
	λόγους προφητείας βιβλίου	λόγους τῆς προφητείας τοῦ βιβλίου
	ἐάν εἰ τις ἐπιτιθῇ	ἐάν τις ἐπιτιθῇ
	πρὸς ταῦτα	do.
	ὁ θεὸς ἐπ' αὐτόν	do.
	ἐν βιβλίῳ	do.
22:19	ἐάν εἰ τις ἀφαιρῇ	ἐάν τις ἀφαιρῇ
	λόγων βίβλου	do.
	ἀφαιρήσει	do.
	ἀπὸ βίβλου	do.
	πολέως ἀγίας	πολέως τῆς ἀγίας
	ἀγίας, καὶ τῶν	do.
	ἐν βιβλίῳ	do.
22:20	Ἀμήν, ναὶ, ἐρχοῦ	do.
22:21	Κυρίου ἡμῶν Ἰησοῦ Χριστοῦ	do.
	μετὰ πάντων ὑμῶν	do.
	Ἀμήν	do.

1) Kyk Tabel G, p.88-90

VAN OPENBARING 22:16-21¹⁾

T.R.

Westcott & Hort

Aland

do.	τὸ γένος Δαυεὶδ	τὸ γένος Δαυίδ
do.	ὁ λαμπρός, ὁ πρωῖνός	ὁ λαμπρός ὁ πρωῖνός
do.	Ἔρχου	do.
do.	ἔρχέσθω	do.
do.	λαβέτω ὕδωρ	do.
do.	Μαρτυρῶ ἐγὼ παντί	do.
do.	παντὶ τῷ ἀκούοντι	do.
do.	do.	do.
do.	ἐάν τις ἐπιθῆ	do.
do.	ἐπ' αὐτά	do.
do.	do.	ἐπ' αὐτόν ὁ θεός
do.	ἐν τῷ βιβλίῳ	do.
do.	ἐάν τις ἀφελῆ	do.
do.	λόγων τοῦ βιβλίου	do.
do.	ἀφελεῖ	do.
do.	ἀπὸ τοῦ ξύλου	do.
do.	do.	do.
do.	ἀγίας, τῶν	do.
do.	ἐν τῷ βιβλίῳ	do.
do.	'Αμὴν· ἐρχοῦ	'Αμὴν, ἐρχοῦ
do.	Κυρίου Ἰησοῦ (Χριστοῦ)	Κυρίου Ἰησοῦ
do.	μετὰ τῶν ἀγίων	μετὰ πάντων
do.	laat weg	laat weg

BIBLIOGRAFIE

- ALAND, Kurt, The Greek New Testament. United Bible Societies, Stuttgart, 1968.
- ALAND, Kurt, Studien zur Überlieferung des Neuen Testaments und seines Textes. Walter de Gruyter & Co., Berlyn, 1967.
- ALAND, Kurt, Materialien zur Neutestamentlichen handschriftkunde I, Walter de Gruyter & Co., Berlyn, 1969.
- ALAND, Kurt, "The Greek N.T.. Its present and future editions", Journal of Biblical literature. 87, Philadelphia, 1968, p.179-186.
- ALFORD, H., The Greek Testament, 7e uitgawe, Deighton, Bell and Co., Cambridge, 1874.
- BALJON, J.M.S., Geschiedenis van de boeken des Nieuwen Verbonds.
- BIJBEL, BEVATTENDE AL DE KANONIEKE BOEKEN VAN HET OUDE EN NIEUWE TESTAMENT VOLGENS DE STATEN-OVERZETTING. J.C. Juta, Kaapstad, 1862.
- BUFFINGA, N., Het Nieuwe Testament in de loop der eeuwen. U.M. Holland, Amsterdam.
- COLWELL, E.C., Studies in the methodology in textual criticism of the N.T.. N.T. tools and studies vol. ix, E.J. Brill, Leiden, 1969.
- DELITZSCH, Frans, Studies on the Complutensian Polyglott, Londen, 1872.
- DE BRUIN, C.C., De Statenbijbel en zijn voorgangers. A.W. Sijthoff's Uitgevers, Leiden, 1937.
- DE STATENVERTALING 1637-1937, uitgegeven voor het Nederlandsche Bijbelgenootschap ter gelegenheid

- van het driehonderdjarig bestaan der Statenver=
taling. Ed.: D. Nauta, De Erven F. Bohn N.V.,
Haarlem, 1937.
- ERASMUS, Desiderius, Opera Omnia, tomus sextus.
The Gregg Press Ltd., België, 1962.
- GREENLEE, J.H., Introduction to New Testament tex=
tual criticism. W.B. Eerdmans publishing co.,
Michigan, 1970.
- HAMMOND, C.E., Outlines of textual criticism ap=
plied to the New Testament. 6e hersiene uit=
gawe, Clarendon Press, Oxford, 1902.
- KENYON, F.G., Handbook to the textual criticism of
the New Testament. 2e uitgawe, Macmillan, Lon=
den, 1912.
- KENYON, F.G., Recent developments in the textual
criticism of the Greek Bible. Oxford Univer=
sity Press, Londen, 1933.
- KENYON, F.G., Our Bible and the ancient manuscripts.
Harper & brothers, New York, 1958.
- KILPATRICK, G.D., "The Greek New Testament of today
and the Textus Receptus", The New Testament in
historical and contemporary perspective. Opge=
dra aan Macgregor, G.H.C., Blackwell, Oxford,
1965.
- MATTILL, A.J. & M.B., A classified bibliography of
literature on the Gospels. N.T. tools and stu=
dies, Brill, Leiden, 1966.
- METZGER, B.M., The text of the New Testament, its
transmission, corruption and restoration. Ox=
ford University Press, Londen, 1964.
- METZGER, B.M., A textual commentary on the Greek New
Testament. United Bible Societies, Londen, 1971.

- NEW TESTAMENT OF OUR LORD AND SAVIOUR JESUS CHRIST,
according to the received Greek text. Cambridge
University Press, Cambridge, 1899.
- NOVUM TESTAMENTUM, textus Stephanici A.D. 1550.
Kantaantekeninge deur Scrivener, F.H.A., Deigh=
ton Bell & Co., Londen, 1862.
- RIESENFELD, H., The Gospel tradition and its begin=
nings. 2e druk, Mowbray, Londen, 1961.
- SCRIVENER, F.H.A., A plain introduction to the cri=
ticism of the New Testament. 2 volumes, 4e uit=
gawe, George Bell & sons, 1894.
- STREETER, B.H., "The early ancestry of the Textus
Receptus of the Gospels", Journal of Theological
Studies. 38, 1937, p.225-9.
- TARELLI, C.C., "Erasmus's manuscripts of the Gos=
pels", The Journal of Theological Studies, 44.
Clarendon Press, Oxford, 1943.
- WESTCOTT, B.F. & HORT, F.J.A., The New Testament
in the original Greek. Macmillan & co., Cam=
bridge, 1893.
- ZUNTZ, G., "The Byzantine text in New Testament cri=
ticism", The Journal of Theological Studies, 43.
Clarendon Press, Oxford, 1942, p.25-30.

BIBLIOGRAFIE SPESIFIEK M.B.T. DIE AFRIKAANSE BYBEL=
VERTALING

- DU PLESSIS, H.L.M., "Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling
en Bybelverspreiding", Die Kerkblad. 2 Oktober
1968, p.6-7.

- DU TOIT, J.D., "Bijbelvertaling II", Het Kerkblad.
353; 1 Julie 1916, p.4-5.
- DU TOIT, J.D., " n Nuwe vertaling van die Nuwe Tes=
tament", Die Kerkblad, 904. 19 Julie 1940, p.7.
- DU TOIT, S., " n Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling",
Die Kerkblad, 7 Augustus 1968, p.7.
- NIENABER, P.J., Die geskiedenis van die Afrikaanse
Bybelvertaling, en n hoofstuk oor die vertaling
van die Psalms- en Gesangboek en die Formuliere.
Nasionale Pers Bpk., Kaapstad, 1934.
- NIENABER, P.J., Die geskiedenis van die Afrikaanse
Bybelvertaling, Deel II - n Taalkundige oorsig.
Dr. P.J. Nienaber, Johannesburg, 1949.
- NIENABER, P.J. & HEYL, J.A., Die Afrikaanse Bybel=
vertaling. Nasionale Boekhandel Bpk., Kaapstad,
1961.
- PISTORIUS, P.V., "Hoe goed is ons Afrikaanse Bybel=
vertaling?", Brandwag, 17. 11 Desember 1953,
p.13-15.
- VAN ARKEL, J.T.M. de J., " n Nuwe Afrikaanse Bybel?"
Die Kerkbode, 21. 20 November 1968, p.662-4.
- VAN DER WALT, J.P., "Bybelvertaling met die oog op
n hersiene uitgawe van die Bybel in Afrikaans",
Die Kerkbode, 23. 3 Desember 1958, p.985.
- VAN ZYL, A.H. & SWANEPOEL, F.A., Waarom n nuwe Af=
rikaanse Bybelvertaling? N.G. Kerkboekhandel,
Pretoria, 1972.
- WEISS, P.F.D., "Die wenslikheid van die hersiening
van die Afrikaanse Bybelvertaling", Tydskrif vir
Wetenskap en Kuns. Nr.18, Oktober 1958, p.153
-159.